

BYBELVERTALING VERSLAG VAN DEPUTAAT BR HENDRIK H SCHURING OOR DIE NUWE AFRIKAANSE BYBELVERTALING BYBEL DIREK VERTAAL, (BDV'2020)

As agtergrond en aanloop vir die totstandkoming van die Bybel Direk Vertaal, wat op 29 November 2020 vrygestel is volg hieronder 'n oorsig artikel oor die BDV as hervertaling wat geskryf is deur **prof. J A Naude** met die titel: **Nuwe en ou skatte Die 2020- Afrikaanse vertaling van die Bybel as 'n hervertaling** wat gepubliseer is in die tydskrif vir Geesteswetenskappe, jrg 60 No 4, 1 Des. 2020. Prof. Naude is 'n senior professor in die Departement Hebreeus aan die Universiteit van die Vrystaat, Bloemfontein, Suid-Afrika, waar hy Bybel hebreuse taalkunde en Bybelvertaling (antieke en moderne vertalings) aanbied.

Let wel nie die hele artikel word oorgeneem nie, maar slegs daardie gedeeltes en/of paragrawe wat nodig is om die agtergrond vir die totstandkoming asook vertaalmetode van die BDV2020 te verstaan (hhs).

1. INLEIDING

- 1.1 Die jongste volledige Bybelvertaling in Afrikaans is op 'n vergadering op 2 Mei 2019 in Bybelhuis, Kempton Park, deur die Begeleidingskomitee aanvaar. Die vertaling is op 1 Julie 2019 afgeteken en in Kaapstad aan die Bybelgenootskap van Suid-Afrika (BSA) vir publikasie oorhandig. Die publikasie- en bekendstellingsdatum is beplan vir **29 November 2020 te Bloemfontein** (wat reeds plaas gevind het, hhs).
- 1.2 Die doel van hierdie artikel is om die Afrikaanse Bybelvertaling van 2020 as hervertaling te analiseer en te beskryf in die historiese konteks van die vorige vertalings in Afrikaans. In hierdie artikel word 'n hervertaling beskou as een van die veelsoortige vertalings van dieselfde bronteks, wat variasies kan vertoon, in dieselfde taal, wat ook aan veranderings onderhewig is.
- 1.3 Hierdie artikel is meer as net 'n geskiedkundige oorsig oor die vertaalproses van die Afrikaanse Bybelvertaling van 2020. Gegee die jongste tendense in die vertaalkunde, kan die benadering nie normatief (korrek/goed/betroubaar teenoor verkeerd/swak/onbetroubaar) wees nie, maar eerder funksionalisties en deskriptief (dit wil sê, hoekom en hoe die vertaling gedoen is).
- 1.4 Die analise beskryf en verklaar hoekom die 2020-vertaling lyk soos dit lyk. Albachten en Gürçağlar (2019:2) beskou die bestudering van 'n hervertaling as 'n komplekse proses. Dit behels 'n netwerkbenadering, wat historiese en sinchroniese wisselwerking tussen tekste, instellings, kontekste en agente aandui. Die benadering wat in die ondersoek gevolg word, is '**n narratiewe raammodel**.
- 1.5 Die uitgangspunt is dat geen **spesifieke vertaalkeuse** as willekeurig beskou kan word nie, maar as ingebed in en as 'n bydrae tot die beliggaming van 'n konkrete sosiale werklikheid. Elke keuse in vertaling tree op as 'n indeks wat '**n narratief of verhaal is van die wêreld**, of 'n aspek daarvan. Die proses om die gebeure van 'n raamwerk te voorsien, impliseer dat strukture opgestel word wat die interpretasie van die gebeure behels. In hierdie ondersoek word, ná 'n historiese oorsig van Bybelvertaling in Afrikaans (par 2), agtereenvolgens op die sosiohistoriese en sosiokulturele raamwerk (par. 3), die vertaalkundige raamwerk (par 4), en organiserende raamwerk (par 5) gefokus.
- 1.6 Laasgenoemde raamwerk hanteer kwessies soos **die vertaalkonteks (bedoeling en gebruikers)**, die brontekste, die vertaalspan, die vertaalproses en -produk. Laastens word gepoog word om die moontlike sosiokulturele impak van die vertaling te beskryf. Om die aard van ideologiese dominansie van die Afrikaanse doelkultuur in die Afrikaanse Bybelvertaling te bepaal, het die metodes vir my veldondersoek in breë trekke bestaan uit die **analise van die vertalings self** wat die vertaal- en werkmetode op makro- en mikrostrukturele vlak betref, asook die **analise van kritiese tekste**, byvoorbeeld artikels in joernale, en die notules van die verskillende komitees van die 2020-vertaling.

2. 'N HISTORIESE OORSIG VAN BYBELVERTALINGS IN AFRIKAANS

- 2.1 Die Nederlandse Statenvertaling, wat in 1637 vir die eerste keer as amptelike vertaling gepubliseer is, is in 1652 deur Jan van Riebeeck na die Kaap gebring. **Die Nederlandse Statenvertaling is deur Afrikaanse Bybellesers gebruik tot die eerste volledige Bybel in Afrikaans gedurende 1933 in gebruik geneem is.**
- 2.2 **Vroeë pogings van Bybelvertaling in Afrikaans** kan soos volg opgesom word: Die eerste poging is dié van die Bybelvertalingsbeweging (1872–1911), wat met die brief van Arnoldus Pannevis aan De Zuid-Afrikaan 'n aanvang geneem. In 1873 het CP Hoogenhout Matteus 28 in Afrikaans vertaal, maar De Kerkbode wou die poging nie publiseer nie.
- 2.3 In 1873 verskyn wel sy verafrikaansing van 'n bekende Bybelverhaal, Die Geskiedenis van Josef voor Afirkaanse Kinders en Huissouwen, in Hulle Eige Taal Geskrywe, wat as voorloper van 'n Afrikaanse Bybelvertaling beskou kan word (Hoogenhout 1873). Al hierdie vertalings is met behulp van Hebreeuse en Griekse (Textus Receptus 1516–1734) brontekste gedoen, maar die dood van S J du Toit in 1911 het 'n einde aan die projek gemaak. Die tweede poging volg op aandrang van die kerk (1916–1923) tydens die Naoorlogse Taalbeweging (1914–1925). 'n Belangrike wegbereider vir Bybelvertaling was die verskyning in 1912 van die Kinderbybel van W J Conradie met die titel Bybelgeskiedenis vir ons Volk.
- 2.4 Op 16 Mei 1916 besluit die Vrystaatse Sinode van die Nederduitse Gereformeerde Kerk dat die Bybel in Afrikaans vertaal moes word, wat die eerste formele besluit van dié aard uit kerkgeledere is. In 1917 gee die Britse en Buitelandse Bybelgenootskap (BFBS) sy goedkeuring en bied aan om die koste van die vertaling en publikasie te dra, op die voorwaarde dat die vertaalprodukt met die Statenvertaling ooreenstem, wat beteken het dat die Statenvertaling die brontekste moes wees, met kontrole teen die Hebreeuse en Griekse (Textus Receptus 1516–1734) Bybeltekste. **Die Vier Evangelieë en die Psalme is as proefvertaling in 1922 gepubliseer, maar is deur die lesers verwerp met die kritiek dat die vertaling nie die Afrikaanse taalgebruik van sy lesers respekteer nie.**
- 2.5 **Ou Afrikaanse Vertaling, 1933/1953 (OAV)**
Die derde poging word ingelei met die besluit in 1923 om met 'n nuwe vertaling uit die brontekste (Verbeterde Textus Receptus 1920) te begin. In 1929 verskyn Die Vier Evangelies en die Boek van die Psalms,² wat 'n goeie ontvangs geniet het. Die eerste volledige Bybel in Afrikaans, **Die Bybel, is op 27 Augustus 1933 amptelik deur die Afrikaanse kerke met 'n sentrale fees in Bloemfontein in gebruik geneem.**
- 2.6 In **1941** word die volledige **Braillebybel** in Afrikaans gepubliseer. Aan die einde van 1953 verskyn 'n hersiene weergawe van die Bybel in Afrikaans, waarvan die hersiening hoofsaaklik taalkundig van aard was. In **1955** verskyn 'n **Afrikaans-Engelse tweetalige Nuwe Testament**, die Diglot genoem. Die Bybel, Naslaan-uitgawe het in **1957** verskyn en in **1958** Die Bybel met Verklarende Aantekeninge.
- 2.7 Alhoewel die vertaling van **die deuterokanonieke boeke**, wat deur die Anglikaanse Kerk, Katolieke Kerk en Lutherse Kerk gebruik word, nie deur die Bybelgenootskap van Suid-Afrika (BSA) onderneem is nie, publiseer die Bybelgenootskap in **1965 Die Bybel met Deutero-Kanonieke boeke**. Dit bevat die teks van die 1933/1953-vertaling sowel as die deuterokanonieke (apokriewe) boeke.
- 2.8 **Nuwe Afrikaanse Vertaling, 1983 (NAV)**
Tydens 'n seminar op 5 Julie 1968 word 'n eenparige besluit geneem om die BSA te versoek om met 'n nuwe vertaling in Afrikaans te begin; die besluit is op 14 Augustus 1968 tydens 'n vergadering van die Nasionale Raad van die BSA goedgekeur. Die brontekste is die Biblia Hebraica Stuttgartensia (1977) en die Wêreldbond van Bybelgenootskappe (WBG) se The Greek New Testament, derde uitgawe (1975).

In 1971 verskyn 1 Samuel, Amos, Maleagi, Die Evangelie volgens Johannes, Die brief aan die Filippense en Die brief aan die Kolossense: Nuwe Vertaling. **Op 30 November 1975 verskyn Die Blye Boodskap, 'n nuwe vertaling van die vier Evangelies, Handelingte en die eerste 50 Psalms, wat goed deur gebruikers ontvang is.**

- 2.9 Op 24 Augustus 1979 verskyn Die Nuwe Testament en die Psalms. Die Bybelgenootskap van Suid-Afrika (BSA) stel op **2 Desember 1983 Die Bybel: Nuwe Vertaling** in Kaapstad bekend. Ná deeglike oorweging is sekere herformulerings deur die Eindredaksie goedgekeur, wat in die verskillende uitgawes tot en met die elfde uitgawe, tweede druk (1992) aangebring is.
- 2.10 In **1989 verskyn die Verklarende Bybel** en in **1998 die Verwysingsbybel** 1983-vertaling in twee bande (Band 1: Teks met Voetnote, Band 2: Naslaanmateriaal).
- 2.11 Op versoek van die kerk dat daar in die spesifieke **Bybelbehoefte van dowes** voorsien moet word, het die BSA in 1997 met so 'n vertaling begin. Dit is 'n spesiale vertaling wat voorsiening maak vir die unieke behoeftes van dowes wat doof gebore is of wat gebaretaal gebruik. Die volgende gedeeltes van Die Bybel vir Dowes het soos volg verskyn: Genesis en Markus (1998), Daniël tot Maleagi (2000), Matteus tot Johannes (2002) en Psalms (2005).
- 2.12 **Die Bybel vir Dowes is in 2007 gepubliseer** en op 3 Februarie 2008 deur die Afrikaanse dowegemeenskap in ontvangs geneem. In antwoord op die algemene aanvraag is hierdie vertaling ook in **2008 as Die Bybel vir Almal** gepubliseer. Die brontekste is die Biblia Hebraica Stuttgartensia (1997) en die WBG se The Greek New Testament, vierde uitgawe (1993).
- 2.13 Ná die verskyning van die Die Bybel: Nuwe Vertaling in 1983 het die aanbod van volledige Bybelvertalings in Afrikaans hand oor hand toegeneem, meestal deur die toedoen van hoofstroomuitgewers van godsdienstige literatuur in Suid-Afrika, wat ten minste **nege verskillende vertalings** gepubliseer het, naamlik Die Lewende Bybel (1982), Nuwe WêreldVertaling (2001), Die Boodskap: Die Bybel in Hedendaagse Afrikaans (2002), DieBybel@ Kinders.co.za (2002), DieBybel@Mans (2002), DieBybel@Vroue (2002), DieBybel@Ouens (2002), DieBybel@Meisies (2002), DieBybel@Seuns (2002), DieBybel@Dogters (2002), Die Multivertaling Bybel (2004), Die Bybel: Nuwe Lewende Vertaling (2006), **Interliniêre Bybel: Grieks-Afrikaans (2012)**, Die Pad van Waarheid tot die Lewe: Die Woord van JHWH in Afrikaans (2015) en Die Aksie-Bybel (2016).
- 2.14 **Bybel Direk Vertaal, 2020 (BDV)**
Vertaalwerk aan die 2020-vertaling van die Bybel in Afrikaans, wat die fokus van hierdie artikel is, is in 2006 begin ná 'n markopname en meer as vyf jaar se intensiewe navorsing en voorbereiding. Met die 75ste herdenking van die 1933-vertaling in Afrikaans gee die BSA in 2008 'n Proefvertaling: Afrikaanse Bybelvertalingsprojek uit. 'n Verdere proefvertaling, Die Bybel: 'n Direkte Vertaling, is in 2013 gepubliseer en was verteenwoordigend van tekste uit die Ou en Nuwe Testament.

In 2014 volg die Nuwe Testament en Psalms: 'n Direkte Vertaling en met die vyfhonderdste herdenking van die Hervorming in 2017 Die Brief aan die Romeine: 'n Direkte Vertaling.

Namate die vertaling gevorder het, is die vertaalde boeke op die webwerf by www.bybeldirektevertaling.co.za geplaas vir kommentaar. Hierdie vertalings het nie in 'n vakuum ontstaan nie, maar binne 'n sosiohistoriese en sosiokulturele raamwerk, wat in die volgende afdeling beskryf word.

3. SOSIOHISTORIESE EN SOSIOKULTURELE RAAMWERK

3.1 The Life Millennium dui die **belangrikste gebeurtenis** van die afgelope duisend jaar in die Weste aan as **die verskyning in 1455 van die Latynse Bybel van Johann Gutenberg as die eerste gedrukte Bybel op perkament met 42 reëls per bladsy en 'n oplaag van 200, waarvan 48 eksemplare die eeue oorleef het.** Dit was die gevolg van die verbetering van 'n stelsel van los gegote drukletters (uitgevind deur die Koreane in die veertiende eeu) deur Gutenberg, wat saamhang met die ontwikkeling van die boekdrukkuns in die Weste (uitgevind in China in 1040).

3.2 **Protestantse Hervorming** saam, wat ingelui is toe **Martin Luther sy 95 stelling op 31 Oktober 1517** teen die kerkdeur van die Wittenberg-kasteelkerk vasspyker en waaruit 'n volledige Bybelvertaling in Duits, wat almal kon verstaan, volg: dié vertaling is in 1534 deur Hans Lufft van Wittenberg gedruk. Al die vertalings van die Hervorming is gekenmerk deur die gebruik van paratekste/metatekste (inleidings, kantaantekeninge en voetnote, kruisverwysings, kaarte, prente, ensovoorts), asook die insluiting van die deuterokanonieke (apokriewe) boeke.

Dit is die konteks vir die totstandkoming van die Nederlandse Statenvertaling (1637) wat as amptelike vertaling al die bestaande Bybelvertalings in Nederlands moes vervang en wat in Nederland in algemene gebruik was tot in 1951, toe 'n nuwe vertaling in Nederlands (NBG 1951) uitgegee is.

3.3 Die naasbelangrikste gebeurtenis van die afgelope duisend jaar in die Weste word in The Life Millennium aangedui as die **soeke na seehandelsroetes** en die ontdekking van nuwe wêrelddele. Die Republiek van die Sewe Verenigde Nederlande kom in 1581 tot stand binne die konteks van die soeke na seehandelsroetes. Die Vereenigde Oost-Indiese Compagnie (VOC), wat monopolistiese voorregte geniet het, is in 1602 in Amsterdam gevorm met Hollandse, Vlaamse en Duitse kapitaal en dit het in sy bestaan (1602–1799) 'n miljoen matrose, soldate en administrateurs op byna 5 000 skepe na 30 Asiatiese handelsposte gestuur.

3.4 Een implikasie was die vestiging van so 'n permanente Nederlandse nedersetting aan die Kaap in 1652, waarheen die **Nederlandse Statenvertaling** gebring is en ook daar gebruik is. Dit was nagenoeg al leesboek wat besit is en waardeur die lewensbeskouing van die lesers gevorm is. Die laaste kwart van die agtiende eeu is 'n era van rewolusies, byvoorbeeld die Eerste Industriële Rewolusie, wat in 1770 begin het en die Franse Rewolusie tesame met die Napoleontiese oorloë (1789–1815), wat in die guns van Brittanje getel het .

3.5 Brittanje tree as oorwinnaar in die seehandelstryd teen Spanje, Frankryk en Holland uit en vestig die Britse Ryk gedurende die negentiende eeu, veral gedurende die Victoriaanse Goue Era van imperialisme (1846–1873). Die tweede Britse oorname van die Kaap in 1806 het 'n deurslaggewende invloed op die kultuurgeskiedenis van Suidelike Afrika gedurende die negentiende eeu uitgeoefen – veral ten opsigte van 'n beleid van verengelsing en die gevolglike reaksie van die Hollandse koloniste daarteen.

3.6 Afgesny van die Nederlandse invloed was die implikasie die ontwikkeling van Afrikaans met variëteite aan die Kaap, die Garieprivier, die Oosgrens, Oranje-Vrystaat en ZAR. In dié tydperk is die vertalings van die Bybelvertalingsbeweging (1872–1911) in die Paarl gedoen. Daar was egter nog diegene, soos die politikus Jan Hendrik Hofmeyr (1845– 1912), wat die voortgaande gebruik van Nederlands in plaas van die opkomende Afrikaans in sy beleid van Nederlandse kolonialisasie bepleit het.

Nederlands is nog steeds in die kerk gebruik (tot 1920). Bybelleesers was nog oortuig dat die dominante faktor, naamlik die Nederlandse taal en Statenvertaling, steeds te verkies is bo die gedomineerde faktor, naamlik die Afrikaanse “dialek” en Afrikaanse Bybelvertaling, wat die belangrikste rede was waarom die projek misluk het.

3.7 Wat die twintigste eeu betref, beskryf Terreblanche die tydperk vanaf die Eerste Wêreldoorlog (1914–1918) tot ná die Tweede Wêreldoorlog (1939–1945) as ’n tydperk van sistemiese chaos met die ondergang van die Britse Ryk (1873–1914/31), die opkoms van radikale ekspansionisme (fascisme en kommunisme), die Groot Depressie (1929–1933), die begin van die dekolonialisering van Asië en Afrika (1946–1980) en die Koue Oorlog, wat eers in 1990 tot ’n einde gekom het.

3.8 Dit is die tydperk waarin die twintigste-eeuse vertalings van die Bybel in Afrikaans plaasvind. Die volgende detail is van belang. Britse imperialisme lei tot die Anglo-Boereoorlog (1899–1902), wat tydelik die republikeinse ideaal van die twee Boererepublieke wat sedert 1854 bestaan het, vernietig. Die vorming van die Unie van Suid-Afrika met sy eie goewerneur-generaal in 1910 het die impak van Britse imperialisme verminder en waar die Afrikaanse jeug in beheer gekom het, is die gebruik van Afrikaans bepleit – ook in die kerk.

Binne hierdie konteks van die **opkoms van Afrikanernasionalisme** word in 1922 Die Vier Evangelieë en die Psalme as proefvertaling gepubliseer, maar dit misluk weens die interferensie van die Nederlandse taal, wat onaanvaarbaar was in ’n tyd toe Afrikaans as taal belangrik geword het vir ’n nuwe identiteit vir die Afrikaner. (Interferensie tree na vore wanneer die spreker twee tale gebruik, soos Afrikaans as moedertaal en Nederlands as tweede taal, wat hy ken maar baie minder gebruik. Dit veroorsaak ’n dominansie van die moedertaal, ten koste van die relatief onbekende tweede taal).

3.9 **In 1925 kry Afrikaans volle amptelike status naas Engels en Nederlands, en in 1933 volg die eerste suksesvolle poging om die volledige Bybel in Afrikaans te vertaal.** Die gebruik van soortgelyke Hebreeuse en Griekse brontekste as vir die Statenvertaling het gesag aan die nuwe vertaling verleen. Die totstandkoming van die Ou Afrikaanse Vertaling (OAV) (1933) en die hersiening (1953) daarvan was aan die begin van die Afrikanertydperk, wat tot 1990 geduur het.

3.10 Die tydgees was modernisties. **Die Nuwe Afrikaanse Bybel van 1983** is aan die einde van die Afrikanertydperk vertaal, kort voor die eerste volle demokratiese verkiesing van Suid-Afrika. Die tydgees was postmodernisties, terwyl menseregte hoogty gevier het – die gevolg vir vertaling was die eis van verstaanbaarheid vir die leser (as sy/haar reg) wat vertalers laat fokus het op **die verinheemsing van die vreemde kultuur van die brontekste in die vertaling**, wat in die doeltaal moet lees soos ’n oorspronklike teks.

3.11 Bybelvertalings soos die **Bybel vir Dowes** en die kommersiële vertalings soos DieBybel@ Kinders.co.za (2002) is vertaal gedurende die uiteindelijke totstandkoming van die demokratiese tydperk (sedert 1994) wat gekenmerk word deur **’n nuwe wêreldorde** en die eerste fase van globalisering. Dit is ’n tydperk waar aandag aan die behoeftes van spesifieke groepe voorrang geniet het.

Benewens talle uitvindings in die twintigste eeu, is die vooruitgang op elektroniese inligtingstechnologiese gebied belangwekkend, want dit het aanleiding tot die **era van globalisering** gegee, wat veral in die een-en-twintigste eeu ná 2005 sy hoogtepunt bereik het, toe die internet en rekenaartoe toepassings universele konnektiwiteit tussen skootrekenaars en selfone moontlik gemaak het.

Die “wolk” verander hulle in bekostigbare, vinnige en kragtige platforms ten opsigte van kommunikasie, inligting en kreatiwiteit, wat noodwendig lei tot ’n verlies van identiteit en menslikheid. **Die reduksionistiese modernistiese en postmodernistiese denke van die twintigste eeu maak nou plek vir komplekse denke, wat die 2020-vertaling beïnvloed.**

4. VERTAALKUNDIGE RAAMWERK

4.1 In hierdie afdeling word die keuse van die vertaalmodes van die Afrikaanse Bybelvertalings binne 'n groter vertaalkundige raamwerk geplaas. Teenswoordig word vertaling beskou as 'n komplekse proses met 'n aanvangstek (voorheen bekend as die bronteks) en as resultaat 'n daaropvolgende teks (voorheen die doelteks of vertaling) (Marais 2019). Vertaling word bestudeer in die dissipline Vertaalkunde (in Engels Translation Studies) wat nog 'n jong dissipline is.

4.2 Voorheen is vertaling beskou as die handeling om woorde uit die een taal in 'n ander taal oor te sit, maar dit was aan streng (en teenstrydige) voorskrifte onderworpe wat meestal bepaal het dat 'n vertaling in 'n vorm moes wees wat so na as moontlik aan die bronteks is, byvoorbeeld, 'n vertaling moet die woorde van die oorspronklike weergee (wat nie altyd gebeur het nie); 'n vertaling behoort die styl van die oorspronklike te behou en in 'n vertaling moet 'n vertaler nooit iets byvoeg of uitlaat nie.

Die resultaat was woord-vir-woord- of letterlike vertalings, wat nie maklik verstaanbaar is nie as gevolg van die andersheid van die brontaal wat in die vertaling deurskyn. Die King James-vertaling, die American Standard Version en die Nederlandse Statenvertaling is goeie voorbeelde van woord-vir-woord - of letterlike vertalings.

4.3 **Die eerste Afrikaanse vertaling van die volledige Bybel (1933), wat in 1953 hersien is, is ook 'n woord-vir-woord- of letterlike vertaling** en vorm deel van die era van Bybelvertaling wat met die Hervorming begin is en eindig met die wetenskaplike bestudering van vertaling sedert 1960.

4.4 Dinamies-ekwivalente vertaal metode

Sedert die sestigerjare is Vertaalkunde as 'n nuwe dissipline gevestig met 'n gevolglike klemverskuiwing in die vertaalmodel en -metode. Een van die pioniers was Eugene Nida. Sy model was om die boodskap van sinne (eerder as woorde) te vertaal sodat die doeltaal dieselfde effek op hedendaagse lesers/hoorders het as wat dit op die oorspronklike lesers/hoorders van die brontaaltek gehad het. Nida het vertaling gedefinieer as die reproduksie in die ontvangertaal van die naaste natuurlike ekwivalent van die brontaalboodskap, eerstens in terme van betekenis en tweedens in terme van styl.

Hiervolgens verloop die vertaalproses soos volg: 'n Vertaler ontleed die betekeniskenmerke van die bronteks, waarna die vertaling gedoen word met die betekeniskenmerke van die bronteks in gedagte en die resultaat moet so na as moontlik aan die bronteks wees wat betekenis betref. Die ideale resultaat is dat die bronteksfunksie ekwivalent moet wees aan die doeltaalfunksie. Hierdie benadering was 'n poging om die verstaan van die gewone leser te aktiveer. **Die resultaat was kommunikatiewe vertalings, wat maklik verstaanbaar is, maar weinig van die andersheid van die bronkultuur weergee.**

4.4.1 Die meeste nuwe vertalings van die Bybel sedert 1970 was sogenaamde doeltaalgerigte of **betekenisgeoriënteerde Bybelvertalings**. Voorbeelde hiervan is The Good News Bible en Groot nuwe Bijbel (1983). In Suid-Afrika is die 1983-vertaling in Afrikaans aangepak binne die raamwerk van Nida se dinamies-ekwivalente benadering, wat 'n nuwe era van Bybelvertaling begin het. Die wetenskaplike bestudering van die verhouding tussen vertalings en hulle brontekste deur deskriptiewe vertaalkundiges het bevind dat as gevolg van taalkundige en kulturele verskille tussen tale vertalings nooit aan die ideaal van ekwivalensie beantwoord nie.

4.4.2 Dit is onmoontlik om 'n vertaalde teks te produseer wat 'n presiese weergawe van die oorspronklike is. In vertaling is daar onvermydelik altyd 'n sekere mate van subjektiwiteit en herformulering betrokke. In 'n poging om die probleem te oorkom het vertaalteoretici soos **Christiane Nord** voorgestel dat, as 'n algemene reël, **dit die bedoelde funksie (skopos) van die vertaling moet wees wat vertaalmodes en -strategieë bepaal en nie die funksies van die brontaal nie.** Die vertaalproses begin waar 'n insieerder wat die kliënt is (meestal kerke) 'n vertaler nader met 'n opdrag.

4.4.3 Die vertaler ontleed die opdrag asook die bronteks met die opdrag in gedagte. Vertaling word gedoen met opdrag en brontaalkenmerke in gedagte (sommige **aspekte** van die brontaal word **behou** en ander **verontagsaam**). **Die vertaling mag dieselfde wees of heeltemal van die brontaal verskil.** Die ideale resultaat is 'n tevrede kliënt. **Die resultaat is funksionalistiese vertalings, wat 'n bepaalde groep lesers bedien, byvoorbeeld 'n woord-vir-woord-vertaling vir taalkundiges of 'n lekkerleesvertaling vir tienerseuns.**

4.4.4 Funksionalistiese vertalings kan dan wees: **letterlike (of eksotiserende) vertalings**, wat nie maklik verstaanbaar is nie as gevolg van die andersheid van die bronkultuur byvoorbeeld Interliniêre Bybel: Grieks-Afrikaans (2012), of **kommunikatiewe (of naturaliserende) vertalings**, byvoorbeeld **Die Boodskap: Die Bybel in Hedendaagse Afrikaans (2002)**, wat maklik verstaanbaar is, maar weinig van die andersheid van die bronkultuur weergee. Venuti tipeer eersgenoemde vertaalstrategie as vervreemding en laasgenoemde vertaalstrategie as inburgering of verinheemsing.

4.4.5 Om hierdie paradoks op te los, ondersoek vertaalkundiges in die nuwe millennium **hoe om 'n brug te slaan tussen letterlike en kommunikatiewe vertalings**, maar steeds funksioneel te wees (Venuti 2013). 'n Oplossing is om maniere te vind om aan die een kant die andersheid van die bronkultuur te respekteer, maar terselfdertyd aan die ander kant toeganklik vir lesers en hoorders te wees.

Dit het gelei tot komplekse vertalings; **The Schocken Bible (1995, 2014)**, **The Common English Bible (CEB) (2011)** en The Hebrew Bible (2019) van Robert Alter is voorbeelde van hierdie generasie Bybelvertalings.

4.4.6 **Die kenmerk van die komplekse vertalings is dat die andersheid van die bronkultuur in paratekste of metatekste soos inleidings, opskrifte, kaarte, prente, woordelyste, kruisverwysings en voetnote verduidelik word, terwyl die taalgebruik hedendaags is.**

4.4.7 Die 2020-vertaling van die Bybel in Afrikaans is as direkte vertaling 'n tipe komplekse vertaling waarin betekenis en kultuur direk vertaal is in hedendaagse Afrikaans gebaseer op 'n vereenvoudigde model van Ernst-August Gutt (2000). **Dit impliseer dat teks- en stylkenmerke en kulturele konsepte so ver moontlik behou word, maar taalkenmerke aangepas word by die doeltaal.**

4.4.8 DIREKTE VERTALING

'n "Direkte" vertaling is 'n tegniese term wat ontleen is aan die begrip "direkte rede". Wanneer 'n spreker se woorde "direk" aangehaal word, impliseer dit die spreker se presiese woorde. 'n Direkte vertaling streef daarna om die bronteks van die Bybel op so 'n manier te vertaal asof die Hebreeuse, Aramese of Griekse spreker/skrywer se woorde "direk" aangehaal word en in die vertaling word dit gerealiseer deur gebruik te maak van aanhalings tekens asof gewone idiomatiese en hedendaagse Afrikaans gepraat/geskryf word.

So 'n "direkte" vertaling staan teenoor 'n "indirekte" vertaling wat geen aanspraak daarop maak dat die presiese woorde van 'n spreker/skrywer aangehaal word nie. Dit beteken nie dat vorige vertalings nie ook getrou aan die bronteks wou wees nie, maar die huidige vertaling streef daarna om alles wat kenmerkend is van die bronteks (**styl, register, struktuur, metafore**) in goeie Afrikaans weer te gee.

4.4.9 In die volgende afdeling word aangetoon hoe die vertaalkundige raamwerk die organiserende raamwerk van die 2020-vertaling in Afrikaans beïnvloed het, eerstens wat Nord se funksionalistiese raamwerk ten opsigte van die formulering van die vertaalopdrag en vertaalproses betref, en tweedens wat Gutt se direkte vertaling as die vertaalmetode betref.

5. ORGANISERENDE RAAMWERK

Inisieerder en opdraggewer Bybelgenootskap van Suid-Afrika (BSA) doen nie Bybelvertaling uit eie beweging nie, maar reageer op versoeke van kerke, wat dan in vertaalkundige terme as “opdraggewer” verantwoordelikheid neem vir die vertaling. Vir die 2020-vertaling is die inisieerder die Kerklike Advieskomitee: Die Bybel in Afrikaans (KABA) wat saamgestel is uit die volgende instansies:

5.1 Inklusiewe deelname deur die volgende kerke:

- i) Afrikaanssprekende kerke in Namibië (waarnemers);
- ii) Afrikaanse Protestantse Kerk (APK);
- iii) Anglikaanse Kerk (ACSA);
- iv) Apostoliese Geloofsending van Suid-Afrika (AGS);
- v) Bybelgenootskap van Namibië (BGN, waarnemers);
- vi) Calvyn Protestantse Kerk (CPK);
- vii) Christelike Gereformeerde Kerk (CGK(SA));
- viii) Die Baptiste-Unie (BUSA) en
- ix) Afrikaanse Baptiste-Kerk (ABK);
- x) Die Rynse Kerk (RKSA);
- xi) Evangelies-Gereformeerde Kerke van Suid-Afrika (EGKSA);
- xii) Evangelies-Lutherse Kerk in Suidelike Afrika (ELKSA);
- xiii) Free Evangelical Lutheran Synod in Southern Africa (FELSISA/ VELSISA);
- xiv) Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika (GKSA);
- xv) Katolieke Kerk (KK);
- xvi) Lede in Christus Kerk (LCK);
- xvii) Metodiste-kerk (MCSA);
- xviii) Morawiese Kerk in Suid-Afrika (MKSA);
- xix) Nederduitse Gereformeerde Kerk (NGK);
- xx) Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika (NHKA);
- xxi) Pinkster Protestantse Kerk (PPK);
- xxii) Sewendedagadventiste Kerk (SDA);
- xxiii) United Congregational Church of Southern Africa (UCCSA);
- xxiv) Uniting Presbyterian Church in Southern Africa (UPCSA);
- xxv) Verenigende Gereformeerde Kerk in Suider-Afrika (VGKSA/URCSA);
- xxvi) Volkskerk van Afrika (VKA);
- xxvii) Volle Evangelie Kerk van God in Suidelike Afrika (VEK); en
- xxviii) Vrye Gereformeerde Kerke (VGKSA) (waarnemers).

5.2 Die eerste versoek vir die 2020-vertaling was reeds so vroeg as 1997. Ná verdere versoeke besluit KABA op 13 November 2000 om ’n Bybelvertalingsimposium te reël om in die lig van ontwikkelinge in vertaalkunde ’n aanvaarbare model vir die volgende vertaling te probeer vind (**met die implisiete aanname dat ’n formele ekwivalente of dinamies-ekwivalente vertaling, wat reeds in Afrikaans bestaan (NAV’1983), nie gedupliseer moet word nie**), sowel as om wetenskap wat reeds in Afrikaans bestaan, nie gedupliseer moet word nie), sowel as om wetenskaplike navorsing te doen oor die behoefte aan ’n volgende vertaling van die Bybel. **Die simposium is van 20 tot 22 Augustus 2001 in Kempton Park aangebied** en die referate, wat die vertaalteoretiese gesigspunte is gepubliseer deur Naudé en Van der Merwe (2002).

5.3 **By die simposium word spesifiek aandag geskenk aan: die voorbeeld van die Nieuwe Bijbel Vertaling (NBV)- projek van die Nederlandse Bybelgenootskap, wat inklusief is (22 kerke en die Joodse gemeenskap as deelnemers), ’n unieke spanbenadering volg met gelyke insette van Bybelwetenskaplikes en Nederlandse taal- en letterkundiges, en ’n vertaalbenadering met die oog op die bevrediging van liturgiese en literêre behoeftes volg.**

5.4 Die marknavorsing is uitgevoer deur die Sentrum vir Interdisiplinêre Studie (Universiteit Stellenbosch) en op 1 Maart 2002 aan KABA voorgelê en bespreek.

Twee vraelyste, onderskeidelik vir predikante en lidmate, is vir die steekproef ontwerp waarby **1 000 predikante en 11 000 lidmate** volgens ouderdoms- en geslagsdifferensiasie, kerkverband en geografiese ligging (landelik en stedelik) as stratifikasie-veranderlikes, betrek is, en waarvan **22% terugvoer verskaf het**

5.4.1 Die bevindinge is soos volg:

Meer as twee derdes van lidmate en predikante is tevrede met die 1983-vertaling, en byna driekwart van die lidmate het nie 'n behoefte aan 'n volgende vertaling nie, **terwyl die 1933/1953-vertaling steeds as 'n norm vir Bybelvertaling dien.**

5.4.2 Ten opsigte van die vrae het die meeste lidmate die 1953-vertaling bo die 1983-vertaling verkies, terwyl die meeste predikante weer die 1983-vertaling bo die 1953-vertaling verkies het.

5.4.3 Ten opsigte van tekste het sowel predikante as lidmate voorkeur vir die Afrikaanse Bybel vir Dowes getoon.

5.4.4 Daar bestaan duidelik 'n behoefte aan verskillende vertalings van die Bybel in Afrikaans en 'n nuwe vertaling van die Bybel in Afrikaans moet dieselfde aandag geniet as die ander prioriteite van die BSA.

5.4.5 Op die vergadering van KABA het dit duidelik geword dat die 1983-vertaling nie vir liturgiese gebruik in al die Afrikaanse kerke geskik was nie.

5.4.6 Die besluit van KABA was dat die aard van 'n nuwe Afrikaanse vertaling nog nie so duidelik was dat onmiddellik met so 'n vertaalprojek begin kon word nie en verdere gesprek en ondersoek derhalwe nodig was, byvoorbeeld dat kleiner werkgroepe die ondersoek moes voortsit en **proefvertalings produseer**. In opdrag van 'n taakspan van KABA is **vier vertalersgroepe** (Bloemfontein, Potchefstroom, Pretoria en Stellenbosch), bestaande uit eksegete, brontaalkenners, Afrikaanse taalkundiges en letterkundiges, gevorm om, met Afrikaanssprekers van 15 tot 25 jaar in gedagte, elk vier vertalings in hedendaagse Afrikaans van elk van die volgende teksgedeeltes te doen: Eksodus 33, Psalm 16, Jesaja 1, Matteus 5:1-20, Romeine 7, en Openbaring 4.

5.4.7 Die weergawes was die volgende:

1. 'n Weergawe wat in hoë mate konkordant en brontaal-georiënteerd is, met behoud van die brontaal-idioom.

2. 'n Weergawe in eenvoudige, vloeiende en duidelike taal, bedoel as Leesbybel vir die breedste spektrum van gebruikers, konkordant waar dienlik en dinamies waar nodig.

3. 'n Weergawe wat bedoel is vir voorlesing in die erediens, vir kategese en vir Bybelstudie, met besondere aandag aan letterkundige gehalte.

4. 'n Taalkundige hersiening van die 1983-vertaling. KABA het die vertalings ("Nuwe Afrikaanse Proefvertaling 2002") op 11 November 2002 bespreek, waarna besluit is "dat in verdere navorsing gekonsentreer sal word op twee tipe Bybelvertalings:

1. 'n Vertaling (ook vir liturgiese gebruik) wat relatief sterker brontaal-geörienteerd is; getrou aan die oorspronklike bedoeling van die teks, terwyl sinvolheid en verstaanbaarheid nie opgeoffer word ter wille van die konkordante ideaal nie;

2. 'n 'Vlotleesbybel' maar dan nie een waarin die bedoeling van die oorspronklike teks ter wille van die lekkerlees-ideaal opgeoffer word nie".

5.4.8 Die vier vertaalgroepe doen op 6 Oktober 2003 aan KABA verslag, waarna besluit is om "n vertaling getrou aan die grondteks, en bedoel vir voorlesing en gebruik in die eredienste van al die belanghebbende kerke en vir kategese, Bybelstudie en privaat gebruik, voor te stel".

Hierdie vertaling moes hoofsaaklik ooreenstem met Weergawe 1 van die vorige opdrag. Verder moes 'n werkwinkel georganiseer word om die tegniese formulering van die vertaalopdrag te bespreek en aandag te gee aan praktiese aspekte van 'n nuwe vertaling.

5.4.9 Die werkwinkel is op 22 en 23 April 2004 in Kempton Park gehou. Die vertaalopdrag is soos volg hersien: **“Skep 'n goed verstaanbare, brontaalgerigte vertaling wat bedoel is vir voorlesing en gebruik in eredienste, en vir kategeese, Bybelstudie en privaatgebruik”**.

5.4.10 **'n Aangepaste werkswyse, gebaseer op dié van die NBV (De Nieuwe Bijbel Vertaling'2004/2007), en voorgestelde fases word goedgekeur.** Ten opsigte van verdere aksie word besluit dat 'n werkgroep 'n duidelike vertaalopdrag met motivering moet daarstel (wat word vertaal, waarvoor word vertaal, hoe word vertaal, vir wie word vertaal);

5.4.11 Verder moet die onderskeie kerklike verteenwoordigers die wenslikheid van die nuwe vertaling by hulle kerke motiveer met die oog op die nodige ondersteuning, terwyl die BSA daarna met die kerke sal skakel met die oog op medewerking in die algemeen en die benoeming van moontlike medewerkers.

5.4.12 Op 25 Oktober 2004 versoek KABA die BSA om met 'n nuwe vertaling te begin, omdat dit blyk dat daar **genoegsame steun van die kerke** vir die projek is. Verder moes 'n beplanningswerkgroep, die Loodskomitee, binne ses maande 'n memorandum of werkboek (**soortgelyk** aan die **Handboek voor de Nieuwe Bijbelvertaling (2001)**) gereed hê vir insae deur die Kerklike Advieskomitee, met die oog op 'n opleidingsessie van vertalers, en die BSA adviseer oor die identifisering van vertalers (teoloë en taalkundiges) en die werkproses. Die Nasionale Raad van die BSA keur die versoek op 17 Februarie 2005 goed.

5.5 Vertaalopdrag en oogmerk van die vertaling

Met die oog op die opleidingseminare van 2006 was dit belangrik om 'n duidelike en finale afspraak oor die vertaalopdrag aan medewerkers voor te lê wat ook in die Werkboek vir Medewerkers opgeneem kon word. Die volgende vertaalopdrag is op 4-5 Augustus deur die Loodskomitee en op 24 Oktober deur KABA goedgekeur en het in die Werkboek vir Medewerkers verskyn:

5.5.1 **“Skep 'n goed verstaanbare, bronteksgeoriënteerde Afrikaanse vertaling van die Bybel wat geskik is vir voorlesing en gebruik in eredienste, asook vir kategeese, Bybelstudie en persoonlike gebruik”**

5.5.2 'n Analise van die vertaalopdrag volg wat die vernaamste aspekte van die vertaalopdrag eksplisiteer, asook 'n oorsig van toepaslike vertaalteorieë. Verder bevat die werkboek ook die taalkundige huisreëls en afsprake sowel as tersaaklike inligting, byvoorbeeld kulturele sleutel terme. Die Begeleidingskomitee (BK) het die Loodskomitee se taak ná afloop van die eerste opleidingseminaar oorgeneem.

5.6 Brontekste

In die analise van die vertaalopdrag sowel as in die werkboek word die brontekste wat vir die projek gebruik is, aangedui.

5.6.1 Die bronteks wat vir die **Ou Testament** gebruik is, is die **vierde uitgawe van die Biblia Hebraica Stuttgartensia (1990)**.

5.6.2 Die bronteks vir die **Nuwe Testament** is die **vierde hersiene uitgawe** van die WBG (**United Bible Society** (UBS) se **The Greek New Testament** (1994), wat saam met die **derde hersiene uitgawe** van 1983, sowel as die **Novum Testamentum Graece** (Nestle/Aland) se **26ste** hersiene uitgawe (1979) en die **27ste** uitgawe (1993) gebruik is. Die teks van al die uitgawes is identies, maar die tekskritiese apparaat verskil, wat sinvolle vergelyking, wanneer nodig, moontlik maak.

5.6.3 Die bronteks vir die **deuterokanonieke boeke** was die **1935-uitgawe van Alfred Rahlfs se Septuaginta**. Waar die teks verskil van die 1986-uitgawe van die Vulgaat van die Vatican Press word dit in voetnote aangedui.

5.7 Vertaalproses

5.7.1 Vertalers

Uit die nominasies van alle lidkerke van KABA, sowel as uit die vakverenigings van taalkundiges, letterkundiges en taalpraktisyne is altesaam **142 medewerkers (van wie 37 vroue was)** by die projek as eksegete, brontaalkenners, intravertalers, letterkundiges en taalkundiges betrek.

5.7.2 Nie al die medewerkers kon tot aan die einde van die proses saamwerk nie. Benewens die BK is daar ook 'n Literêre Advieskomitee (LAK), Literêre Adviespaneel (LAP), Taalkundige Advieskomitee (TAK), en Taalkundige Adviespaneel (TAP) aangewys.

5.7.3 Die hele vertaalproses is deur die Projekleier bestuur. **In 2008 is 64 kerklike lesers aangestel**, asook Voorlopige Redaksionele Komitees om die hoofstukke van bepaalde korpusse te beoordeel.

5.7.4 Gedurende Maart 2009 is daar 'n audit gedoen van die vordering in al die spanne; die rol van die Projekleier is hersien en bepaalde aanpassings is gedoen om die gekompliseerde proses te vereenvoudig en (waar moontlik) die administratiewe las van medewerkers te verlig.

5.7.5 **Dr. Jaap van Dorp van die NBV (Nederland) het die vertaalproses krities beskou om dit aan te pas vir groter effektiwiteit**, waarop die BK op 7-8 Maart 2007 besluit het om Eksegetiese Koördineerders aan te stel om te help met die bestuur en oorsig van die vertaalproses, maar dit is later laat vaar toe die vertaalproses vereenvoudig is.

5.7.6 Aangesien die projek stadiger gevorder het as wat beplan is, het Redaksionele Komitees vir die Ou Testament, die Nuwe Testament en deuterokanonieke boeke sedert Januarie 2010 begin funksioneer.

Elke redaksionele komitee is saamgestel uit een brontaalkundige, twee eksegete, twee Afrikaanse letterkundiges, een Afrikaanse taalkundige, een vertaalkundige en die projekleier behalwe die Redaksionele Komitee vir deuterokanonieke boeke wat ook 'n verteenwoordiger van die Rooms-Katolieke ingesluit het.

5.7.7 Hulle het meestal vyf dae per keer vergader, gewoonlik van 'n Vrydag tot 'n Dinsdag. Benewens die opleidingseminare op 27-28 April 2006 in Pretoria en 3-4 April 2006 op Stellenbosch, is verdere seminare op 25 Mei 2007 in Pretoria, 1 Junie 2007 op Stellenbosch, 8 Junie 2007 op Potchefstroom en op 15 Junie 2007 in Bloemfontein gehou om medewerkers oor die basisvertaling wat aan Intravertalers gelewer moet word, in te lig en in die Paratextprogram op te lei. **Ná die opleiding het die projek in vyf fases verloop:**

Fase 1: Vertaling, kontrole, en intravertaling (vier lede per boekspan): Die eerste eksegeet (teoloog) lewer 'n basisvertaling, verwerk kommentaar hierop deur die tweede eksegeet (teoloog) en brontaalkenner (kenner van Hebreeus/Aramees/Grieks), en stuur dit aan die intravertaler (opgeleide vertaler), **wat 'n basisteks in duidelike en vloeiende Afrikaans lewer.**

Fase 2: Verdere taalkundige en literêre interne hersiening (twee lede), waarna die teks deur die onderskeie redaksionele komitees sistematies nagegaan en hersien word.

Fase 3: Eksterne kommentaar deur kerklike en ander lesers, wat deur die redaksionele komitees oorweeg en verwerk word.

Fase 4: Kontrole vir konsekwenheid deur die redaksionele komitees.

Fase 5: Begeleidingskomitee begelei die proses deur alle fases, teken die vertaling af en oorhandig dit aan die BSA.

5.8 Vertaalmetode en vertaalstrategieë

Die 2020-vertaling is 'n direkte vertaling, wat impliseer dat vertaal word asof die Bybelskrywers self aan die woord is, maar in vloeiende, idiomatiese Afrikaans. Waar die taalkenmerke verskil, hou die vertaling rekening met die eiesoortigheid van Afrikaans.

5.8.1 Waar die bronteks 'n stylkenmerk vertoon, word gepoog om die stylkenmerk in die vertaling te behou.

Daar is gepoog om die **Bybelse bronteks en leefwêreld so ver moontlik te weerspieël**, met die gevolg dat kulturele sleutel terme van die brontaal (byvoorbeeld lengtemate en geldeenhede) so ver moontlik gehandhaaf word, terwyl woorde vir moderne konsepte soos metrieke mate en gewigte nie gebruik word nie. Dit geld ook vir die vroulike verwysing na sommige nielewende sake, byvoorbeeld stede (Jerusalem en Babel), en abstrakte begrippe, soos wysheid, wat in die bronteks as vroulik voorgestel word.

5.8.2 Om hierdie aangeleenthede te verduidelik, is benewens die toeligting in die Inleiding/Voorwoord die volgende paratekste/metatekste ter sprake. Opskrifte is so bondig moontlik en word direk aan die inhoud van die perikoop ontleen. Waar die groter eenheid van die teks onderbreek word, word opskrifte nie gebruik nie en in sommige boeke ontbreek opskrifte.

Die volgende inligting volg in voetnote:

- i) Sosiokulturele inligting ten opsigte van die leefwêreld van die Bybel, wat nie by die moderne wêreld aangepas word nie, byvoorbeeld titels van ampsdraers of bepaalde gebruiksvoorwerpe;
- ii) aanduiding by manlike terme waar die konteks duidelik aantoon dat dit inklusief verstaan moet word;
- iii) inligting oor die vertaalkeuse deur te verwys na ander vertaalmoontlikhede soos opgeneem in ander vertalings of waar daar onsekerheid is oor die betekenis van die bronteks, of waar die bronteks verskillend vertaal kan word;
- iv) **datums vir die regeringstye van konings van Israel en Juda; verwysing met behulp van 'n toegewyde ikoon na 'n kaart agter in die Bybel;**
- v) **kruisverwysings om bepaalde woordelike ooreenkomste of tematiese verbande tussen bepaalde verse of groter gedeeltes aan te dui;**
- vi) aanduiding van Ou Testamentiese tekste wat in die Nuwe Testament op Jesus Christus van toepassing gemaak word deur oor en weer na die ooreenkomste in die aanhaling te verwys met die frase **"... as heenwysing na Jesus Christus" of "verwys";**
- vii) en aanduiding dat versnommers in die 2020-vertaling van die versnommers in die gedrukte brontekste verskil.
- viii) Belangrike bykomende **sosiokulturele, geografiese en historiese inligting en toeligting word in 'n woordelys aan die einde van die Bybel opgeneem.**
- ix) Die Inleiding van die 2020-Bybel bevat 'n lys met die name wat vir God in die Hebreeuse Bybel gebruik word, met die uitspraak en Afrikaanse vertaling daarvan om aan die behoefte van sommige lesers te voldoen.
- x) Daar is besluit om die spelling van eiename hoofsaaklik by die 1983-vertaling te laat aansluit, behalwe waar daar goeie rede is om daarvan af te wyk, terwyl by plekname so na as moontlik aan die bronteks en internasionale konvensies vir geografiese benamings te bly, byvoorbeeld "Betlehem" word in die staat Israel en in die bronteks so gespel en daarom so gespel in die 2020-vertaling, terwyl die spelling "Bethlehem" in die naam van die dorp in die Vrystaat uit die Nederlandse Statenvertaling oorgeneem is.

- xi) Wanneer Jesus hoflik of eerbiedig aangespreek word, word “U/Usel” gebruik in die vertaling. Wanneer Jesus egter afwysend of aggressief aangespreek word, word “jy/jou/jouself” gebruik.
- xii) Wanneer die bronteks slegs ’n voornaamwoord gebruik (hy, sy, hierdie, hulle) en daar in Afrikaans onduidelikheid kan ontstaan oor die vraag na wie daar verwys word, word die voornaamwoord ter wille van die voorlees daarvan deur die persoonseienaam vervang.
- xiii) In gesproke taal word “pa/ma” as die direkte informele aanspreekvorm gebruik, maar indien die konteks formeel van aard is, word “vader/moeder” gebruik. Dit geld ook so vir “u/jy”.

5.9 Produk en uitgawes

’n Voorstel van die Afrikaanse Protestantse Kerk op die KABA-vergadering in 2010 dat twee uitgawes van die Bybel gepubliseer word – een waarin bepaalde persoonsverwysings in Ou Testamentiese tekste met hoofletters begin wanneer dit volgens die Nuwe Testament as Messiaans beskou word, en een sonder sulke hoofletters – is na die BSA verwys vir verdere hantering. Die Raad van Direkteure van die BSA het, op aanbeveling van die Begeleidingskomitee, die voorstel vir ’n tweede uitgawe goedgekeur wat deur vyf kerke gebruik sal word

5.9.1 Daar sal gevolglik drie produkte beskikbaar wees naamlik Die Bybel, Die Bybel: Hoofletteruitgawe en Die Bybel met Deuterokanonieke Boeke.

5.9.2 In die uitgawe met deuterokanonieke boeke word die nege boeke, wat op dieselfde wyse hervertaal is as die Ou en Nuwe Testament, tussen die Ou en Nuwe Testament ingevoeg soos in die eerste Afrikaanse uitgawe met die deuterokanonieke wat in 1965 verskyn het. Die deuterokanonieke boeke was nie by die hervertalingsprojek van die 1983-vertaling ingesluit nie. Waar daar twee erkende tekste (een in Hebreeus en een in Grieks) vir ’n bepaalde boek bestaan, byvoorbeeld Ester, is die vertaling van die Hebreeuse teks as deel van die Ou Testament opgeneem, maar die vertaling van die Griekse teks by die deuterokanonieke boeke.

6. SOSIOKULTURELE IMPAK

Ten spyte daarvan dat die vertaling eers aan die einde van 2020 gepubliseer word, het die projek reeds ekumeniese impak. ’n Belangrike kenmerk van die 2020-vertaling is dat die oorgrote meerderheid van kerke wat Afrikaans gebruik, vir die eerste keer aan ’n vertaling kon saamwerk. ’n Bewys daarvan is die eenparige besluit deur al die deelnemende kerke ter ondersteuning van die projek teen die petisies en verdagmaking in die media. Dit is ook die eerste keer dat vroulike medewerkers by ’n Afrikaanse Bybelvertaling van die BSA betrokke was.

7. GEVOLGTREKKINGE

Die behoefte aan ’n Afrikaanse Bybel het uit die Nederlandse Statenvertaling voortgespruit. Die poging van die Bybelvertalingsbeweging (1872–1911) misluk weens die koloniale denke van Bybelleesers dat die dominante faktor, naamlik die Nederlandse taal en die Statenvertaling, steeds te verkies is bo die gedomineerde faktor, naamlik die Afrikaanse “dialek” en ’n Afrikaanse Bybelvertaling. Die poging tot Bybelvertaling vanuit die kerklike geleedere (1916–1923) tydens die Naoorlogse Taalbeweging (1914–1925) misluk weens die interferensie van die Nederlandse taal en die opkoms van Afrikanernasionalisme met sy nuwe identiteit, wat deur Afrikaans as taal verskaf word.

7.1 Laasgenoemde is die rede vir die sukses van die 1933-vertaling van die Bybel in Afrikaans en die hersiening daarvan in 1953 as bronteksgeoriënteerde vertaling, waarin die gebruik van soortgelyke Hebreeuse en Griekse brontekste as vir die Statenvertaling gesag aan die nuwe vertaling verleen.

7.2 Die hervertaling van die Bybel in Afrikaans in 1983 as doelteksgeoriënteerde vertaling kom tot stand in ’n tydperk van klem op sosiale geregtigheid en menseregte – die gevolg is die eis van die verstaanbaarheid van die vertaling vir die leser (as sy/haar reg) en die fokus van vertalers op die verinheemsing van die vreemde kultuur van die bronteks in die vertaling – ’n vertaling moet lees soos ’n oorspronklike teks in die doeltaal.

- 7.3 In pas met die nuwe wêreldorde en die gevolglike klem op **demokratisering**, waarin aandag aan behoefte van spesifieke groepe voorrang geniet het, het hervertalings van die Bybel in Afrikaans soos Die Bybel vir Dowes en die kommersiële vertalings soos DieBybel@ Kinders.co.za (2002) gevolg.
- 7.4 Globalisering ná 2005 met universele konnektiwiteit en kragtige platforms veroorsaak dat die modernistiese en postmodernistiese denke van die twintigste eeu, wat albei reduksionisties is, nou plek maak vir komplekse denke wat die 2020-vertaling gedeeltelik beïnvloed en waarvolgens die kultuur van die bronteks sowel as die leesbaarheid van die doelteks gerespekter word.
- 7.5 Vanuit vertaalteoretiese gesigspunt het dit duidelik geblyk dat linguïstiese vertaalteorieë in die 1980s vervang is deur **funksionalistiese benaderings en deskriptiewe vertaalkunde**. Die ideaal van ekwivalensie is nie haalbaar nie, maar die **doel en funksie**, en nie die bronteks nie, rig eerder vertaling en vertaalmetodes.
- 7.6 Die funksie van die vertaling in die doeltalingskultuur bepaal watter aspekte van die bronteks oorgedra word in vertaling en watter nie. Die vertaalopdrag, wat 'n duidelike stel vertaalinstruksies bevat, verwoord die skopos of doel van die vertaling. **Bybelvertaling word beskou as 'n vorm van interkulturele kommunikasie waarin die andersheid van die brontalingskultuur eerbiedig moet word.**
- 7.7 Binne hierdie vertaalkundige konteks is van 2001 tot 2006 navorsing gedoen om 'n vertaalopdrag en vertaalproses te bepaal, waarna die vertaalwerk begin is. Deur metatekste of paratekste te gebruik om die andersheid van die brontalingskultuur vir lesers toeganklik te maak verhoed die 2020-vertaling reduksionisme, of **klem op vorm soos in die 1933/1953-vertaling**, of klem op betekenis soos die 1983-vertaling.
- 7.8 Die 2020-vertaling, waarin baie van die kulturele konsepte metatekstueel in inleidings, opskrifte, voetnote en 'n uitgebreide woordelys hanteer word, is 'n reaksie op die verinheemingsstrategie van die 1983-vertaling. Vir die individue en denominasies wat die 1983-vertaling ten gunste van die 1933/1953-vertaling verwerp het, is die 2020-vertaling deur die representasie van die alteriteit/andersheid van die brontalingskultuur in intertekstuele dialoog met die 1933/1953-vertaling.
- 7.9 Die gebruik van metatekste in die 2020-vertaling, soos in die Statenvertaling voor 1800, is ikonies in die herstel van die verlies van inligting wat lewensbeskouing beïnvloed het. Die piramidale werkswyse met kundige medewerkers (eksegete, brontalingskenners, intravertalers, letterkundiges en taalkundiges in boekspanne) wat vertalings vir 'n volgende fase voorberei het, waarborg dat aan die een kant maksimale inligting verrek is, terwyl die redaksionele komitees en begeleidingskomitee aan die ander kant weer konsekwentheid bewerk het.
- 7.10 Hierdie ondersoek bevestig die standpunt van Albachten en Gürçağlar (2019:2) dat hervertaling 'n **komplekse proses** is wat 'n netwerkbenadering verg wat historiese en sinchroniese wisselwerking tussen tekste, instellings, kontekste en agente behels. Nuwe vorms van Bybelvertaling vloei voort uit semiotiese prosesse, wat die Bybeltekste en interpretasie daarvan lewend hou en nuwe sosiokulturele werklikhede laat voortkom. Dit is wat die 2020-vertaling van die Bybel in Afrikaans probeer bereik: die ontdekking van nuwe skatte, maar ook die bewaring en vernuwing van ou skatte!

8. Kritiese bespreking van die Bybel DirekVertaal (BDV'2020)

- 8.1 Bostaande uiteensetting van die totstandkoming en uiteindelijke publikasie en vrystelling van die BDV (Nov. 2020) toon aan dat dit 'n lang proses was vanaf 2004 tot 2020, 'n periode van 16 jaar maar wat eintlik nog eerder begin sedert 2000. Die vraag is nou of die BDV vertaling voldoen het aan die vertaalopdrag van die samewerkende kerke, naamlik:

“Skep 'n goed verstaanbare, brontekstegeoriënteerde Afrikaanse vertaling van die Bybel wat geskik is vir voorlesing en gebruik in eredienste, asook vir kategetiese, Bybelstudie en persoonlike gebruik” (kyk par. 5.5.1 hierbo)

- 8.2 Die vertaalopdrag beteken dat die BDV geskik moet wees vir amptelike eredienste, onderrig, en persoonlike gebruik. Hierdie opdrag is verder omskryf as 'n vertaling wat 'n getroue weergawe van die betekenis van die bronteks moet wees, terwyl beelde, metafore, styl en struktuur van die bronteks so ver moontlik behou moet word. Die vertaling moet van hoë letterkundige gehalte en goed verstaanbaar wees.
- 8.3 Alhoewel die vertaling, 'n vertaling is waarin die bronteks so getrou moontlik weergegee is, is dit nie 'n woord-vir-woord vertaling soos die 1933/53 vertaling nie. In die nuwe vertaling is groter klem gelê op die weergee van die **bronteks in vloeiende Afrikaans** as wat by woord-vir-woord vertalings die geval is.
- 8.4 As voorbeeld van die Afrikaanse taal en grammatikale styl in BDV vergelyk ons die teks van Joh. 11 en 12 in OAV met dieselfde teks in BDV. Elke teks word eers in die OAV weergegee en daaronder volg dieselfde teks in BDV vertaling (kyk par. 9.4 en 9.5).

9 Vergelyking tussen die teks van OAV1933/1953 en BDV2020 van Johannes 11 en 12

- 9.1 Die Bybel is God se Woord, maar dit is ook 'n historiese dokument, dit vra nog meer respek as 'n gewone menslike historiese verslag of joernaal, derhalwe as die vertaler van die Bybel van mening is, dat daar 'n bepaalde naam of woord ingevoeg of weggelaat en/of verander moet word, dan is dit noodsaaklik om sodanige weglating, toevoeging en/of verandering van daardie betrokke woorde altyd in die voetnote te verantwoord, sodat die bybelleser weet dat die onderhawige woorde nie in die bronteks voorkom wat die vertaler gebruik het nie. Die kerk van Christus mag immers nie aan die weergawe van die Bybelteks peuter, verander, vervang, weglaat of toevoeg nie, sonder 'n duidelike verantwoording in voetnote nie. (Vgl. Deut. 4: 2, Deut 12: 32; Spr. 30: 6; Openb. 22: 18, 19).

9.2 BDV: bronteks: Nestle/Aland griekse teks

Omdat die BDV (Bybel Direk Vertaal) nie die TR of Meerderheidstekes of Bisantynse teks as brontaal benut het nie, maar die Nestle/Aland kritiese, eklektiese teks gebruik het, is die gevolg wel dat laasgenoemde tekstradisie heelwat kere met die Textus Receptus en of Bisantynse teks verskil, deurdat bv in die N/A teks bepaalde woorde nie vermeld word nie, maar wat wel voorkom in die TR of Meerderheidstekes of dat bepaalde woorde in die N/A teks voorkom, maar verskil met die woorde in die TR teks en dit vind sy neerslag in die BDV in vergelyking met die OAV.

9.3 Herwaardering van Bisantynse tekstradisie

Bykomend moet daar kennis geneem word dat die bestaande negatiewe kritiek teen die Textus Receptus, Bisantynse teks en/of Meerderheidstekes, deur navorsing, geblyk het dat die meeste argumente teen die Bisantynse teks nie meer gehandhaaf kan word nie en dat daardeur 'n positiewe herwaardering van die Bisantynse teks tradisie besig is om pos te vat, soos dit na vore tree by dr J. van Bruggen in sy publikasies oor die teks van die Nuwe Testament en ander vertalers se veranderende en meer positiewe beoordeling van die Bisantynse teks. Hierdie verandering en herwaardering van die Bisantynse teks behoort te reflekteer in nuwe Bybelvertalings, onder andere ook in die BDV, dit het egter nie gebeur nie. Daarom is dit noodsaaklik om die kritiek teen die N/A UBS teks te ondersoek en vas te stel of die pleidooi van dr J van Bruggen vir eerherstel en her-ingebruikname van die ou en bekende kerklike of Bisantynse teks, op grond van onweerlegbare argumente, soos hy dit uiteengesit in sy rede gehou in 1975 oor '**De Tekst van het Nieuwe Testament**' en hiermee saam of sy beoordeling van die gebreke en vooroordeel van 'n aantal tekscritici teen die Bisantynse teks ernstig opgeneem en verreken moet word, wanneer die BDV getoets en beoordeel word.

9.4 Vergelyking van die teks van twee hoofstukke 11 en 12 uit Johannes Evangelie : OAV en BDV teks

Die BDV se vertaling van hoofstukke 11 en 12 van Johannes Evangelie is ondersoek en vergelyk met die teks daarvan in die OAV, 1933/1953 vertaling. Die twee onderskeie tekste se verse en woorde is onder mekaar geplaas, om sodoende die verskille te kan aandui. Afgesien van die feit dat op hierdie wyse die tekortkominge en gebreke van die BDV in die twee vermelde hoofstukke uitgewys word, is dit terselfdertyd waar dat die Afrikaanse vertaling in die BDV van die genoemde twee hoofstukke **duideliker, mooier en vloeiender Afrikaans is wat makliker lees. Grammatikaal is die BDV se Afrikaans baie suiwerder en verkiesliker as die Afrikaans in die OAV** en dit is verstaanbaar omdat Afrikaans in die laaste 50 jaar ook ontwikkel het.

9.5 JOHANNES 11 en 12 (1ste Tekst: OAV'1933/1953 (font Georgia) en 2de teks BDV'2020 (font Calibri))

1EN daar was 'n man siek, Lasarus van Betánië, die dorp van Maria en haar suster Martha.
1 Daar was 'n man met die naam van Lasarus, wat siek was. Hy was van Betanië, die dorp van Maria en haar suster Martha.

2En dit was Maria wat die Here gesalf het met salf en sy voete afgedroog het met haar hare, wie se broer, Lasarus, siek was.
2 Dit was dié Maria wat die Here met geurige olie gesalf en wat sy voete met haar hare afgedroog het, wie se broer Lasarus siek was.

3 Die susters het toe na **Hom** gestuur en gesê: Here, hy vir wie U liefhet, is siek.
3 Die susters het toe iemand na **Jesus** gestuur om te sê: "Here, kyk, hy vir wie U lief is, is siek.

(onnodig om 'Hom' te verander na 'Jesus' want dit word duidelik uit die woord 'Here' en omdat Jesus genoem word in volgende vers 4. Die verandering is wel as vertalingsreël aanvaar (kyk par 5.8.2 xii) maar in stryd met Bybelse voorskrif, kyk par. 9.1 hierbo, indien dit nie verantwoord word in voetnoot nie)

4 En toe Jesus dit hoor, sê Hy: Hierdie siekte is nie tot die dood toe nie, maar tot die **heerlikheid van God**, sodat die Seun van God daardeur verheerlik kan word.
4 En toe Jesus dit hoor, het Hy gesê: "Hierdie siekte lei nie tot die dood nie, maar tot die **verheerliking van God**, sodat die Seun van God daardeur verheerlik kan word.

(Waarom word in die BDV vertaling die naamwoord: 'heerlikheid' verander na werkwoord: 'verheerliking'?)

5 En Jesus het Martha en haar suster en Lasarus liefgehad.
5 Jesus het Martha en haar suster en Lasarus liefgehad.

6 En toe Hy hoor dat **hy** siek is, het Hy twee dae vertoef in die plek waar Hy was.
6 Toe Hy hoor van **Lasarus** se siekte, het Hy nog twee dae vertoef op die plek waar Hy was.

In Griekse grondtekste TR en N/A kom (in vers 6) die naam Lasarus nie voor nie, dit is in BDV toegevoeg sonder verwysing in voetnoot, die toevoeging was onnodig omdat in die vorige verse 1, 2 en 5, Lasarus pertinent genoem word.

7 Eers daarna sê Hy aan die dissipels: Laat ons weer na Judéa gaan.
7Eers daarna sê Hy vir sy dissipels: "Kom ons gaan terug na Judea".

8 Die dissipels sê vir Hom: Rabbi, die Jode het onlangs probeer om U te stenig, en gaan U weer daarnatoe?
8 Die dissipels sê toe vir Hom: "Rabbi, onlangs nog het die Jode U probeer stenig, en U gaan weer daarheen?"

9Jesus antwoord: Is daar nie twaalf ure in die dag nie? As iemand in die dag wandel, stamp hy hom nie, omdat hy die lig van hierdie wêreld sien.
9 En Jesus het geantwoord: "Is daar nie twaalf ure in die dag nie? As iemand in die dag loop, struikel hy nie, omdat hy die lig van hierdie wêreld sien.

10 Maar as iemand in die nag wandel, stamp hy hom, omdat die lig nie **in** hom is nie.
10 Maar as iemand in die nag loop, struikel hy, omdat die lig nie **by** hom is nie."

11 Dit het Hy gespreek; en daarna sê Hy vir hulle: Lasarus, ons vriend, slaap; maar Ek gaan om hom wakker te maak.
11 Nadat Hy dit gesê het, sê Hy vir hulle: "Ons vriend Lasarus slaap, maar Ek gaan om hom wakker te maak."

12 Sy dissipels sê toe: Here, as hy slaap, sal hy gesond word.
12 Die dissipels sê toe **vir Hom**: "Here, as hy slaap, sal hy gesond word."

13 Maar Jesus het gespreek van sy dood, terwyl hulle gedink het dat Hy van die rus van die slaap spreek.
13 Maar Jesus het van sy dood gepraat, terwyl hulle gedink het dat Hy van die rus van gewone slaap praat.

14 En toe sê Jesus vir hulle ronduit: Lasarus is dood.
14 Toe sê Jesus openlik vir hulle: "Lasarus het gesterf,

15 En Ek is bly om julle ontwil dat Ek nie daar was nie, sodat julle kan glo. Maar laat ons na hom toe gaan.
15 en ter wille van julle is Ek bly dat Ek nie daar was nie, sodat julle kan glo. Maar kom ons gaan na hom toe."

16 En Thomas, wat Dídimus genoem word, sê vir sy mededissipels: Laat ons ook gaan om saam met Hom te sterwe.
16 Thomas, wat bekend staan as Didimus, het toe vir sy mededissipels gesê: "Kom ons gaan ook, sodat ons saam met Hom kan sterf."

17 Toe Jesus dan gekom het, het Hy gevind dat **hy** al vier dae in die graf was.
17 Toe Jesus daar aankom, het Hy gevind dat **Lasarus** reeds vier dae in die graf was .

(verandering van voornaamwoord 'hy' na persoonseienaam 'Jesus' nie verantwoord in voetnoot nie. Griekse grondteks (N/A en Textus Receptus) vermeld nie eienaam nie en is ook onnodig want Lasarus word in vers 14 vermeld.

18 En Betánië was naby Jerusalem, omtrent twee myl daarvandaan.
18 Betanië was naby Jerusalem, ongeveer vyftien stadion ver, (sien voetnoot in BDV)

19 En baie van die Jode het al by Martha en Maria gekom om hulle oor hul broer te troos.
19 en baie van die Jode het na Martha en Maria gekom om hulle oor hulle broer te troos.

20 En toe **Martha** hoor dat Jesus kom, het sy Hom tegemoetgegaan. Maar **Maria** het in die huis bly sit.
20 Toe **Martha** hoor dat Jesus **op pad is**, het sy Hom tegemoet gegaan, maar **Maria** het in die huis bly sit.

21 En **Martha** sê vir Jesus: Here, as U hier gewees het, sou my broer nie gesterf het nie.
21 **Martha** sê toe vir Jesus: "Here, as U hier was, sou my broer nie gesterf het nie.

22 Maar selfs nou weet ek dat alles wat U van God vra, God U sal gee.
22 Maar selfs nou weet ek dat wat U ook al van God vra, God vir U sal gee".

23 Jesus sê vir haar: Jou broer sal opstaan.
23 Jesus sê vir haar: "Jou broer sal opstaan".

24 Martha antwoord Hom: Ek weet dat hy sal opstaan in die opstanding in die laaste dag.
24 **Martha** sê toe vir Hom: "Ek weet dat hy sal opstaan met die opstanding op die laaste dag."

25 Jesus sê vir haar: Ek is die opstanding en die lewe; wie in My glo, sal lewe al het hy ook gesterwe;
25 Jesus het vir haar gesê: "Ek is die opstanding en die lewe. Wie in My glo, sal leef, al het hy ook gesterf;

26 en elkeen wat lewe en in My glo, sal nooit sterwe tot in ewigheid nie. Glo jy dit?
26 en elkeen wat leef en in My glo, sal tot in ewigheid nooit sterf nie. Glo jy dit?"

27 Sy antwoord Hom: Ja, Here, ek glo dat U die Christus is, die Seun van God, wat **in** die wêreld sou kom.
27 Sy sê vir Hom: "Ja, Here, ek glo dat U die Christus is, die Seun van God, **Hy** wat **na** die wêreld kom." (Joh. 6:14)

28 En nadat sy dit gesê het, gaan sy en roep **Maria**, haar suster, stilletjies en sê: Die Meester is hier en Hy roep jou.
28 En nadat **Martha** dit gesê het, het sy gegaan, haar suster eenkant toe geroep, en vir haar gesê: Die Leermeester is hier, en Hy roep jou."

(Vers 28: in Griekse grondteks N/A staan Mariam (Maria) en nie 'Martha' nie, is toegevoeg in BDV, en Maria is weggelaat sonder vermelding van verandering in voetnoot)

29 Sy het, toe **sy** dit hoor, vinnig opgestaan en na Hom toe gegaan.
29 Toe **Maria** dit hoor, het sy haastig opgestaan en na Hom gegaan.

(Vers 29: in Griekse grondteks N/A staan nie 'Maria' nie, is toegevoeg in BDV sonder vermelding in voetnoot)

30 En Jesus het nog nie in die dorp gekom nie, maar was op die plek waar **Martha** Hom tegemoetgegaan het.
30 Jesus het nog nie in die dorpie aangekom nie, maar was op die plek waar **Martha** Hom ontmoet het.

31 En toe die Jode wat by haar in die huis was en haar getroos het, sien dat **Maria** vinnig opstaan en uitgaan, het hulle haar gevolg en gesê: Sy gaan na die graf om daar te ween.
31 Toe die Jode wat by haar in die huis was en haar vertroos het, sien dat **Maria** haastig opstaan en uitgaan, het hulle haar gevolg, omdat hulle gedink het sy gaan na die graf om daar te huil.

32 En toe **Maria** kom waar Jesus was en Hom sien, val sy aan sy voete neer en sê vir Hom: Here, as U hier gewees het, sou my broer nie gesterf het nie.
32 Toe **Maria** aankom waar Jesus was en Hom sien, het sy by sy voete neergeval en vir Hom gesê: "Here, as U hier was, sou my broer nie gesterf het nie."

33 Toe Jesus haar dan sien ween en die Jode wat saam met haar gekom het, ook sien ween, het **Hy geweldig bewoë geword** in sy gees en **Hom ontstel**

33 Toe Jesus haar sien huil, en dat ook die Jode huil wat saam met haar gekom het, het dit **Hom hewig onstel** en **Hy het diep bewoë geword**.

34 en gesê: Waar het julle hom neergelê? Hulle sê vir Hom: Here, kom kyk.

34 Hy sê toe: “Waar het julle hom neergelê?” Hulle sê vir Hom: “Here, kom kyk.”

35 Jesus het geween.

35 Jesus het begin huil.

36 Die Jode sê toe: Kyk, hoe lief Hy hom gehad het!

36 Daarop het die Jode gesê: “Kyk hoe lief het Hy hom gehad!”

37 En sommige van hulle sê: Kon Hy wat die oë van die blinde man geopen het, nie maak dat hierdie man ook nie gesterf het nie?

37: Maar sommige van hulle het gesê: “Kon Hy wat die oë van die blinde man oopgemaak het, tog nie voorkom het dat hierdie man sterf nie?”

38 En Jesus het weer in Homself **geweldig bewoë** geword en by die graf gekom. En dit was 'n spelonk, en 'n steen het daarteen gelê.

38 Jesus het toe, opnuut **hewig onsteld**, na die graf gegaan. Dit was 'n rotsgraf en 'n **groot** klip het daarteen gelê.

39 Jesus sê: Neem die steen weg. **Martha**, die suster van die oorledene, sê vir Hom: Here, hy ruik al, want hy is al vier dae dood.

39 Jesus het gesê: “Wat die klip weg.” **Martha**, die suster van die oorledene, sê toe vir Hom: “Here, hy ruik reeds, want dit is al die vierde dag”.

40 Jesus sê vir haar: Het Ek nie vir jou gesê, as jy glo, sal jy die heerlijkheid van God sien nie?

40 Jesus sê vir haar: Het ek dan nie vir jou gesê dat as jy glo, jy die heerlijkheid van God sal sien nie?”.

41 Hulle neem toe die steen weg **waar die oorledene lê** En Jesus het sy oë opgeslaan en gesê: Vader, Ek dank U dat U My verhoor het;

41 Hulle het toe die klip weggeskuif Jesus het sy oë opgehef na bo en gesê: “Vader, Ek dank U dat U my verhoor het.

(- where the dead one was laid : **ou ēn ho tethnekōs keimenos** - hierdie woorde staan in Meerderheidstekes en/of TR, asook in Codex C³ (Ephraemi, V eeu), en f13, 28. 700. 892^s en 1424 dit **ontbreek in BDV**, met geen verwysing daarvoor in 'n voetnoot nie.)

42 en Ek het geweet dat U My altyd verhoor, maar ter wille van die skare wat rondom staan, het Ek dit gesê, sodat hulle kan glo dat U My gestuur het.

Ek weet dat U my altyd verhoor, maar Ek het dit gesê terwille van die skare wat hier rondom staan, sodat hulle kan glo dat U My gestuur het.”

43 En nadat Hy dit gesê het, het Hy met 'n groot stem geroep: Lasarus, kom uit!

43 En nadat Hy dit gesê het, roep Hy met 'n harde stem: “Lasarus, kom uit!”

44 En die oorledene het uitgekome, aan hande en voete met grafdoeke gebind, en sy gesig was toegedraai met 'n doek. Jesus sê vir hulle: Maak hom los en laat hom gaan.

44 Die oorledene het uitgekome. Sy voete en hande was met grafdoeke vasgebind en sy gesig met 'n kopdoek toegedraai. Jesus sê vir hulle: “Maak hom los en laat hom gaan”.

45 EN baie van die Jode wat na Maria gekom het en aanskouers was van wat Jesus gedoen het, het in Hom geglo.

45 Baie van die Jode wat na Maria toe gekom en gesien het wat Jesus gedoen het, het in Hom geglo.

46 Maar sommige van hulle het na die Fariseërs gegaan en hulle vertel wat Jesus gedoen het.

46 Maar sommige van hulle het na die Fariseërs gegaan en vir hulle vertel wat Jesus gedoen het.

47 En die owerpriesters en die Fariseërs het die Raad byeengeroep en gesê: Wat sal ons doen? — want hierdie man doen baie tekens.

47 **Gevolglik het** die leierpriesters en die Fariseërs die Sanhedrin byeengeroep en gesê: “Wat gaan ons maak? Want hierdie man doen baie tekens.

48 As ons Hom so laat begaan, sal almal in Hom glo; en die Romeine sal kom en **ons land** (tòn tópon) en **ons nasie** (to ethnos) albei afneem.

48 As ons hom so laat aangaan, sal almal in hom glo, en sal die Romeine kom en **ons plek** (tòn tópon) en **ons volk** (to ethnos) vernietig”.

(Topos (5117). word in die NT ook gebruik om die tempel in Jerusalem mee aan te dui. William Hendriksen vermeld in sy Johannes kommentaar, die volgende: *If no action was taken, the Romans, . . . would come and take away from the Jews (particularly, from the Sanhedrin) both their place (the city of Jerusalem with its temple, perhaps with special reference to the latter, p.162, The Gospel of John, 1959. Dr C van der Waal skrywe in sy Johannes kommentaar: De romeinen zullen (met een groot leger) komen en liquideren: I, óns’ de sadduceese hiëarchie en de farizeese ‘dominocratie’; II, ónze Plaats’ (de tempel; vgl Deut. 12: 5; Jer. 7: 3, 14; Hand. 6: 13) en III, ‘het volk’ (Israel als natie onder de natieën; ethnos).*

De volgorde I, II, en III is wel treffend; zijzelf komen in de eerste plaats; daarna de tempel zonder welk instituut er geen priesterschap zou zijn en achteraan komt de schare, die de wet niet weet en de leiders ondersteunen mag, p. 120, Commentaar op het Evangelie naar Johannes, 1984. Vgl. griekse teks: **kai arousin hēmōn kai ton topon kai to ethnos** : (en hulle sal wegvat ons, beide die plek en die nasie)’

Soortgelyke uitleg het dr P H R van Houwelingen in sy Johannes kommentaar, 2004 (2de druk) gegee, wanneer hy skryf: ‘Het Sanhedrin is vooral bevreesd voor de eigen machtspositie. ‘Als we Hem zo laten doorgaan, zal iedereen in Hem gaan geloven – en dan zullen de Romeinen komen en **ons** zowel **de plaats** als **de natie** ontnemen. . Het gaat om onze religieuze en politieke autonomie als joden. En het ergste is dat **ons** dan door de Romeinen het gezag over tempel en volk wordt ontnomen, p.246.

Sowel die OAV en BDV vertalings het die ‘ons’ alleen betrek op plek (Jerusalem en tempel) en Joodse nasie, maar die ‘ons’ (Sanhedrin) word eerste genoem **hēmōn** en dit val weg in die vertaling. Met ‘n 2de druk kan dit ingevoeg word.

49 En een van hulle, Kájafas, wat daardie jaar hoëpriester was, sê vir hulle: Julle weet niks nie

49 En een van hulle, Kajafas, wat daardie jaar hoëpriester was, het vir hulle gesê: “Julle verstaan niks nie.

50 en dink nie daaraan dat dit vir ons voordelig is dat een man vir die **volk (laou)** sterwe en nie die hele **nasie (ethnos)** omkom nie.

50 Julle besef nie dat dit tot julle voordeel is dat een man vir die **volk (laou)** sterf en die hele **volk (nasie-ethnos)** nie ondergaan nie”.

(For Caiaphas the term: **the nation** (perish not) in verse 50 above had one meaning, the people of Israel viewed as a political unit: Gospel of John, William Hendriksen, p. 164) Die woord in vers 50 in BDV ‘volk’ is nie reg nie omdat dit ‘nasie’ (ethnos) moet wees, soos in OAV die wel korrek vertaal is met ‘nasie’.)

51 En dit het hy nie uit homself gesê nie; maar omdat hy daardie jaar hoëpriester was, het hy geprofeteer dat Jesus vir die **volk (nasie - ethnos)** sou sterwe.

51 En dit het hy nie uit sy eie gesê nie, maar omdat hy daardie jaar hoëpriester was, het hy geprofeteer dat Jesus vir die **volk (nasie- ethnos)** sou sterf

52 En nie alleen vir die **volk (nasie-ethnos)** nie, maar ook om die verstrooide kinders van God tot 'n eenheid saam te voeg.

52 en nie net vir die **volk (nasie-ethnos)** nie, maar ook om die kinders van God wat oral verstrooi is, te verenig.

Sowel in OAV en BDV word in vers 48, 51 en 52 die woord ‘volk’gebruik terwyl dit ‘nasie’moet wees in ooreenstemming met die Griekse woord: ethnos.

(In die ‘Commentaar op het Evangelie naar Johannes’ van dr C van der Waal, bl 121 verduidelik hy die gebruik van die woorde volk (**laos**) en nasie (**ethnos**) soos volg: “Het woord gebruik is hier opvallend. In hst 11:48 en 52 wordt voor ‘volk’ het griekse woord **ethnos** gebruik, dat een volk, een natie onder de natieën aanduidt. Een wereldlijke en politieke term dus, die Israel als politieke grootheid op de landkaart aanduidt. Er is echter ook een ander grieks woord: **laos**. Dit duidt in het Nieuwe Testament (en de LXX) doorgaans het **verbondsvolk Israël aan**, een term uit het Joodse Kort begrip, die Israëls uitverkiezing aangeeft als het volk Gods. Nu zegt Kajafas: het is beter dat er één sterft voor de **laos** en niet het gehele **ethnos** te gronde ga. Hij wil het joodse volk-als-volk redden nationalistisch, de ethnos staat zowel bij hem als zijn collega’s voorop (vgl. vs 48)”.

Daar is dus goeie rede om die onderskeidende gebruik van laos en ethnos in die griekse grondteks (sowel in N/A as in TR) te handhaaf en waar ethnos (nasie) staan dit nie te vervang met ‘volk’in die vertaling nie’.

53 Van dié dag af het hulle toe saam beraadslaag om Hom om die lewe te bring.

53 Van daardie dag af het hulle saam beraadslaag om Hom dood te maak.

54 Daarom het Jesus nie meer in die openbaar onder die Jode gewandel nie, maar daarvandaan weggegaan na die streek naby die woestyn, na 'n stad met die naam van Efraim. En daar het Hy vertoef met sy dissipels.

54 Daarom het Jesus nie meer openlik onder die Jode rondgegaan nie, maar daarvandaan vertrek na die streek naby die woestyn, na 'n dorp met die naam Efraim. En daar het Hy saam met sy dissipels vertoef.

55 En die pasga van die Jode was naby; en baie het uit dié landstreek na Jerusalem opgegaan voor die pasga om hulle te reinig.

55 Die Joodse Pasga was naby, en baie **mense** het voor die Pasga van die platteland na Jerusalem opgegaan om hulleself te reinig.

56 En hulle het **Jesus gesoek**; en terwyl hulle in die tempel staan, sê hulle vir mekaar: Wat dink julle, sal Hy nie na die fees kom nie?

56 Hulle was op die **uitkyk vir Jesus**; en waar hulle op die tempelsterrein gestaan het, het hulle vir mekaar gesê: "Wat dink julle? Dat Hy glad nie na die fees sal kom nie?"

57 En die owerpriesters en die Fariseërs het ook 'n bevel gegee dat as iemand wis waar **Hy** was, hy dit moes bekend maak, sodat hulle Hom gevange kon neem.

57 Die leierpriesters en die Fariseërs het reeds opdrag gegee dat as enigiemand weet waar **Jesus** is, hy dit moes rapporteer, sodat hulle Hom kon arresteer.

(Die verandering van voornaamwoord 'Hy' na persoonseienaam 'Jesus' is onnodig omdat in vers 56 Jesus genoem word, bykomend is die verandering nie in 'n voetnoot verantwoord nie).

JOHANNES 12

1EN Jesus het ses dae voor die pasga na Betanië gekom waar Lasarus was, **wat dood gewees het** en wat **Hy** uit die dode opgewek het.

1Ses dae voor die Pasga het Jesus na Betanië gegaan. Dit was die tuiste van Lasarus, wat **Jesus** uit die dood opgewek het.

(Vir die tweede keer word Jesus se naam genoem terwyl Sy naam reeds aan die begin genoem is, die herhaling is onnodig en kom nie in die NA/UBS bronteks voor nie, verandering is ook nie in voetnoot verantwoord nie)

*'Woorde: **'wat dood gewees het'** - ho tethnekōs 2348 (who had died), is nie in BDV teks opgeneem en die omissie is ook nie in voetnoot verantwoord nie. N/A vermeld graad van sekerheid van weggelate woorde met hoofletter B, synde 'some degree of doubt'.*

'Nogtans is daar heelwat antieke manuskripte wat die woorde: (ho tethnekōs) wel bevat nl: P66 (II eeu!); A (Alexandrinus, V eeu) - In the gospels A is the oldest example of the Byzantine type of text, which is generally regarded as an inferior (?) form of text, p.47 Text of NT, Metzger - not so anymore, J van Bruggen, hhs);

Letter uncials: A 01 (Alexandrinus); content: eap; V eeu; London; D 05 (Bezae Cantabrigiensis); content: ea; V/VI eeu; Cambridge; K 017 content: ap; IX eeu; Moscow; Δ 037 content: e; IX eeu; St Gall; Θ 038 Tiflis: Koridethi; content: e; IX eeu; Π 041 Leningrad; content: e; IX eeu; Ψ 044 Athos; content: eap; VIII/IX.

Numbered uncials: 065 content: e; VI eeu; O217^{vid} content: e; V eeu; 0250 content: e; VIII eeu. ^f1'Family 1' manuscripts: 1, 118, 131, 209; ^f23'Family 13' manuscripts: 13, 69, 124, 174, 239, (174 and 230 not used in Mark), 346, 543, 788, 826, 828, 983, 1689.

Greek minuscles: 28 e XI; 33 eap IX; 565 e IX; 700 e XI; 892 e XI; 1009 e XIII; 1010 e XII; 1071 e XII; 1079 e X; 1195 e 1123; 1216 e XI; 1230 e 1124; 1241 eap XII; 1242 eap XII; 1344 e XII; 1365 e XII; 1546 e 1263?; 1646 eap 1172; (2148 *e 1337 *omit o); 2148^c e 1337; 2174 e XIV. Byz: reading of the majority of Byzantine manuscripts;

Lect majority of lectionaries, Easter Menologian Sept. 1; it b,d,f, ff2 : **Itala or Old Latin:** itb (4) e, Veronensis, V eeu, Jülicher; itd (5) eac, Bezae Cantabrigiensis, V eeu, Jülicher; itf (10) e, Brixianus, VI eeu, Jülicher; itff2 (8) e, Corbeiensis I, X eeu, Jülicher. **Vg: vulgate,** Fourth and Fifth centuries; syr (s), **h : syriac version,** Fourth to Seventh century; **harclean version;** **copbo,** ach, ach2: **coptic version,** Third and Fourth centuries: Bohairic; Achmimic; Sub-Achmimic; **Goth: gothic version,** Fourth century; **Arm: armenian version,** Fifth century; **Geo: georgian version,** Fifth century; **Paschal Chronicle** ca 630 Constantinople. **Apparatus : The Greek New Testament, Third Edition, p.377, United Bible Societies.**

(Gesien die aansienlike getal vroeë teksgetuies (selfs in papyrus 66 uit 2de eeu!) van die weggelate woorde (wat dood gewees het) moes daardie woorde tenminste in 'n voetnoot vermeld gewees het, synde 'n Bisantynse of Meerderheids tekslesing)

2 Hulle het toe vir Hom daar 'n maaltyd berei, en Martha het bedien; en Lasarus was een van die wat saam met Hom aan tafel was.

2 Daar het hulle vir Hom toe 'n maaltyd voorberei en Martha het hulle bedien. Lasarus was, een van dié wat saam met Hom aan tafel was.

3 En Maria het 'n pond egte, baie kosbare nardussalf geneem en die voete van Jesus gesalf en sy voete afgedroog met haar hare. En die huis is vervul met die reuk van die salf.

3 Toe het Maria 'n litra egte, uiters kosbare nardusolie geneem, die voete van Jesus gesalf en met haar hare sy voete afgedroog. En die huis is deurtrek met die geur van die olie.

4 Toe sê een van sy dissipels, Judas Iskariot, **die seun van Simon**, wat Hom sou verrai:

4 Toe sê **Judas Iskariot**, een van sy dissipels, die een wat Hom sou verrai:

(Joh 6: 71 vermeld in beide OAV en BDV: Judas Iskariot, die seun van Simon, verder word die tekskeuse in N/A van Joh. 12: 4 in die apparatus met 'n hoofletter C aangedui wat beteken: 'there is considerable degree of doubt whether the text or the apparatus contains the superior reading' soveel te meer rede om die woorde: die seun van Simon in 'n voetnoot by Joh. 12:4 in BDV te vermeld as synde 'n Bisantynse (TR) teks lesing).

5 Waarom is hierdie salf nie vir driehonderd pennings verkoop en die geld aan die armes gegee nie?

5 Waarom is hierdie reukolie nie vir driehonderd denarius verkoop en die geld aan die armes gegee nie?

6 En dit het hy gesê, nie omdat hy oor die armes besorg was nie, maar omdat hy 'n dief was en die beurs gehad het en die bydraes geneem het.

6 Hy het dit gesê, nie omdat hy vir die armes omgee het nie, maar omdat hy 'n dief was - hy het die geldbeurs gedra en het van die bydrae gevat.

7 Toe sê Jesus: Laat haar staan; sy het dit bewaar vir die dag van my begrafnis.

7 Daarop het Jesus gesê: "Laat haar begaan - sy het dit vir die dag van my begrafnis bewaar.

(Vgl Mk. 14:8: Wat sy kon doen het sy gedoen. Sy het vooruit my liggaam gesalf met die oog op my begrafnis.)

8 Want die armes het julle altyd by julle, maar My het julle nie altyd nie.

8 Want die armes het julle altyd by julle, maar vir My het julle nie altyd nie".

9 En 'n groot menigte uit die Jode het verneem dat **Hy** daar was, en het gekom, nie alleen ter wille van Jesus nie, maar ook om Lasarus te sien, wat Hy uit die dode opgewek het.

9 'n Groot skare Jode het verneem dat **Jesus** daar was, en hulle het gekom, nie terwille van Jesus alleen nie, maar sodat hulle ook vir Lasarus kon sien wat Hy uit die dood opgewek het.

(verandering van voornaamwoord 'Hy' na persoonseienaam 'Jesus' in begin van vers 9 onnodig, Hy word 'n paar woorde verder in selfde sin genoem en verandering is nie in voetnoot verantwoord nie.)

10 En die owerpriesters het besluit om Lasarus ook om die lewe te bring,

10 En die leierpriesters het planne beraam om Lasarus ook dood te maak,

11 omdat baie van die Jode deur hom weggegaan en in Jesus geglo het.

11 omdat deur hom baie van die Jode oorgeloop en in Jesus geglo het.

12 DIE volgende dag het 'n groot menigte feesgangers, toe hulle hoor dat Jesus na Jerusalem kom,

12 Die volgende dag het die groot skare wat vir die fees gekom het, en wat gehoor het dat Jesus na Jerusalem kom,

13 palmtakke geneem en uitgegaan Hom tegemoet en geroep: Hosanna! Geseënd is Hy wat kom in die Naam van die Here, die Koning van Israel.

13 palmtakke gevat en Hom tegemoet gegaan en **aanhoudend** uitgeroep: "Hosanna!" Geseënd is Hy wat kom in die Naam van die Here!" en: "Die Koning van Israel!"

14 En Jesus het 'n jong esel gevind en daarop gaan sit, soos geskrywe is:

14 En Jesus het 'n jong donkie gekry en daarop gaan sit, soos daar geskryf staan:

15 Moenie vrees nie, dogter van Sion! Kyk, jou Koning kom en Hy sit op die vul van 'n esel.

15 Moenie vrees nie dogter van Sion! "Kyk, jou Koning kom, Hy sit op 'n donkievul."

16 Dit het sy dissipels egter eers nie verstaan nie; maar nadat Jesus verheerlik is, toe het dit hulle bygeval dat hierdie dinge van Hom geskrywe was en dat hulle dit **aan Hom** gedoen het.

16 Hierdie dinge het sy dissipels eers nie verstaan nie, maar toe Jesus verheerlik is, het hulle onthou dat hierdie dinge oor Hom geskryf staan, en dat hulle dit **vir Hom** gedoen het.

17 En die skare wat by Hom was toe Hy Lasarus uit die graf geroep en hom uit die dode opgewek het, het daarvan getuig.
17 Die skare wat by Hom was toe Hy Lasarus uit die graf geroep en hom uit die dood opgewek het, het daarvan getuig.

18 Daarom het die skare Hom ook tegemoetgegaan, omdat hulle gehoor het dat Hy hierdie teken gedoen het.
18 Die **rede** waarom die skare Hom tegemoetgegaan het, was omdat hulle gehoor het dat Hy hierdie teken gedoen het

19 En die Fariseërs het vir mekaar gesê: Sien julle dat julle niks vorder nie? Kyk, die hele wêreld loop agter Hom aan.
19 Daarop het die Fariseërs vir mekaar gesê: "Sien julle dat julle niks bereik nie! Kyk, die hele wêreld loop agter hom aan!"

20 EN daar was sommige Grieke onder die wat opgekrom het om op die fees te aanbid;
20 Daar was 'n aantal Grieke onder die **mense** wat gekom het om op die fees te aanbid

21 hulle het na Filippus gegaan wat van Betsáida in Galiléa was, en hom gevra en gesê:
My heer, ons wil Jesus graag sien.

21 Hulle het toe na Filippus gegaan, wat van Betsaida in Galilea was, en hom gevra:

"Meneer, ons wil Jesus sien." (Die versoek klink soos 'n bevel en nie 'n hoflike versoek nie en die aanspreek vorm **'Meneer'** is nie bronteks georiënteerd nie)

(21 Hulle het na Filippus, wat van Betsaida in Galilea afkomstig was, gegaan en vir hom gevra:

"Meneer, ons wil Jesus graag ontmoet.") [NAV, '83]

(21 Dezen (enige Grieke) nu klampten Filippus van Betsaida in Galilea aan en vroegen hem:

"Heer, wij zouden Jezus graag spreken". [Willibrord Vert, 1978]

'Thelomen'-2309: TDNT, Vol III, p.45: explanation: 2. The motive of desire. a. "Express desire" ⁸ which can have the character of "wanting" or a "strong desire to have"⁹ 8: . . . This activity of wishing is strong in the NT. For an urgent, demanding 'Thelein' which takes the form of a request, cf Jn 9:27; 12:21; Mt. 5:42; 12:38; Mk. 6:22 (hina); 1C.14:35. Thayer's Greek-English Lexicon, 1977: p. 286 : Theloo: 2. i.q. to desire, to wish (mentions also, Jn. 12:21.

*Moontlik beter vertaling: **"My heer ons wil graag Jesus spreek."***

22 Filippus kom en sê dit vir Andréas, en Andréas en Filippus vertel dit weer aan Jesus.

22 Filippus het dit toe vir Andreas gaan vertel, en toe gaan sê Andreas en Filippus dit weer vir Jesus.

23 Maar Jesus antwoord hulle en sê: Die uur het gekom dat die Seun van die mens verheerlik moet word.

23 Maar Jesus antwoord hulle: "Die uur het gekom dat die Seun van die Mens verheerlik moet word.

24 Voorwaar, voorwaar Ek sê vir julle, as die koringkorrel nie in die grond val en sterf nie, bly dit alleen;
maar as dit sterf, dra dit veel vrug.

24 Amen, amen, Ek sê vir julle: As 'n koringkorrel nie in die grond val en sterf nie, bly dit net een enkele korrel;
maar as dit sterf, dra dit baie vrug.

25 Wie sy lewe liefhet, sal dit verloor; maar wie **sy lewe haat in hierdie wêreld**, sal dit bewaar vir die ewige lewe.

25 Wie sy lewe liefhet, verloor dit; maar wie **sy lewe in hierdie wêreld gering ag**, sal dit vir die ewige lewe behou.

Vergelyk: Mat. 10: 37-39; Mat.16: 24-26; Mk. 8: 34-38; Lk. 9: 23-26 en Lk. 17:32,33.

26 As iemand My dien, laat hom My volg; en waar Ek is, daar sal my dienaar ook wees; en as iemand My dien,
sal die Vader hom eer.

26 As iemand My wil dien, laat hy My volg; en waar Ek is, daar sal my dienskneg ook wees. As iemand My dien,
sal die Vader hom eer".

27 Nou is my siel ontsteld, en wat sal Ek sê? Vader, red My uit hierdie uur? Maar hierom het Ek in hierdie uur gekom.

27 Nou is my siel ontsteld. Wat sal Ek sê? Vader, red My uit hierdie uur? Maar Ek het tog juis met die oog op hierdie gekom!

28 Vader, verheerlik u Naam! Daar het toe 'n stem uit die hemel gekom: Ek hét dit verheerlik, en Ek sal dit weer
verheerlik.

28 Vader, verheerlik u Naam!" Daar het toe 'n stem uit die hemel gekom: "Ek het dit verheerlik, en Ek sal dit weer
verheerlik."

29 En die skare wat daar gestaan en dit gehoor het, het gesê dat daar 'n donderslag gewees het. Ander het gesê:
'n Engel het met Hom gespreek.

29 En die skare wat daar gestaan en dit gehoor het, het gesê dat daar 'n donderslag was. Ander het gesê:
" 'n Engel het met hom gepraat."

30 Jesus antwoord en sê: Hierdie stem het nie om My ontwil gekom nie, maar om julle ontwil.

30 Jesus het geantwoord: "Hierdie stem het nie ter wille van My gekom nie, maar ter wille van julle.

31 Nou is dit die oordeel van hierdie wêreld, nou sal die owerste van hierdie wêreld buitentoe gedryf word.

31 Nou het die oordeel oor hierdie wêreld aangebreek; nou sal die heerser van hierdie wêreld uitgedryf word.

32 En Ek, as Ek van die aarde verhoog word, sal almal na My toe trek.

32 En as Ek van die aarde af verhoog word, sal Ek almal na My toe trek.

33 En dit het Hy gesê om aan te dui hoedanige dood Hy sou sterwe.

33 Dit het Hy gesê om aan te dui watter dood Hy sou sterf.

34 Die skare antwoord Hom: Ons het uit die wet gehoor dat die Christus tot in ewigheid bly; en hoe sê U dat die Seun van die mens verhoog moet word? Wie is hierdie Seun van die mens?

34 Die skare het Hom toe geantwoord: Ons het uit die wet gehoor dat die Christus vir ewig bly, en hoe sê U dat die Seun van die Mens verhoog moet word? Wie is hierdie Seun van die Mens?

35 En Jesus sê vir hulle: Nog 'n klein tydjie is die lig by julle. Wandel so lank as julle die lig het, sodat die duisternis julle nie oorval nie. En wie in die duisternis wandel, weet nie waar hy gaan nie.

35 Jesus het toe vir hulle gesê: "Nog 'n kort tydjie is die lig by julle. Terwyl julle die lig het, leef daarvolgens, sodat die duisternis julle nie oorval nie. Wie in die duisternis leef, weet nie waarheen hy gaan nie.

36 So lank as julle die lig het, glo in die lig, sodat julle kinders van die lig kan word.

Dit het Jesus gespreek, en Hy het weggegaan en Hom vir hulle verberg.

36 Terwyl julle die lig het, glo in die lig, sodat julle kinders van die lig kan wees".

Toe **Jesus** dit gesê het, het Hy weggegaan en Hom van hulle onttrek.

37 En alhoewel **Hy** so baie tekens **voor hulle** gedoen het, het hulle nie in Hom geglo nie;

37 Hoewel **Jesus** so baie tekens **in hulle teenwoordigheid** gedoen het, het hulle nie in Hom geglo nie.

In TDNT (Theological Dictionary of the New Testament) 4de deel (bl 919) verklaar Betram die woord *nēpios* met betrekking tot 1Th. 2:7 soos volg: ‘There is a simple non-dialectical self-designation in 1 Th.2:7: we were *nēpioi* en *mesō humōn* But though this reading is well attested, the reading with *ēpioi* is to be preferred.³⁹ Cf. esp E. v. Dobschütz, *ad loc.* From the days of Origen much attention has been devoted to the material explanation op *nēpio* in this verse.

12.13.12 Die eerste uitgawe van Nuwe Testament en Psalms, ‘n Direkte Vertaling, 2014, het 1 Thess. 2:7 so vertaal: **het ons sag soos babatjies in julle midde geword** soos dit in die bronteks, **27ste uitgawe van Nestle-Aland** en UBS staan, waar die vorge lesing ‘**gentle**’verwyder is en vervang is met die **Vaticanus**, Westcott Hort lesing: **we were BABES among you**. Kyk par. 12.13.5 hierbo.

12.13.13 Die OAV’1933 vertaling van 1 Thess. 2:7 lees soos volg:
Maar ons was vriendelik onder julle soos ‘n pleegmoeder haar kinders koester.

Ds van der Waal verklaar dit ook so in ‘n preek oor 1 Thess. 2:1-13 en sê: ‘*Dit is nogal interessant dat in vers 6 staan, dat ‘ons as apostels met gesag kon optree’. Vir ‘gesag’ staan hier ‘n woord wat ‘gewigtigheid’ beteken. Paulus kon die rol van ‘n baie gewigtige persoon aangeneem het. Hy kon hom laat geld volgens sy status, sy titels, sy outoriteit. Maar dit het hy nie gedoen nie. Hy was vriendelik (gentle), medemenslik, eenvoudig, heel gewoon, gemoedelik. Hy het opgetree soos ‘n pleegmoeder teenoor klein kinders. Hy het opgetree soos ‘n versorgende vrou wat haarself gee vir ‘n baba wat aan haar toevertrou is, en homself opgeoffer. U weet tog hoe dit gaan? Altyd luister: huil die kind, moet dit weer gevoed word, is dit goed warm toegemaak?’*

‘So het Paulus nie soos ‘n kerkvors op ‘n troon geregeer nie, maar as ‘n troue herder opgetree. Dit het sy hart vervul. Hy het daarvan ‘n punt gemaak om nie net formeel die evangelie te preek nie, maar ook om homself daarby saam te gee, omdat die Thessalonisense vir hom dierbaar geword het, soos ‘n baba vir ‘n pleegmoeder. Julle weet tog broeders? Julle onthou tog broeders? Is julle so kort van memorie? Het julle vergeet dat Paulus hom nie laat versorg het deur julle nie, maar dat hy, om moontlike verwyte te voorkom, dag en nag gewerk het, met sy hande en sy mond? Onthou ons gesukkel en ons moeite. Paulus gryp terug na die geskiedenis van die gemeente van Thessalonika’.

12.13.14 In die nuwe **NBG2004/2007** vertaling van 1 Thes.2:7 staan daar: **zijn we u tegemoet getreden met de tederheid van een voedster** die haar kinderen koestert

12.13.15 Die **Groot Nieuws Bijbel**, 1983 vertaal 1 Thess. 2:7 effens anders deur die sin om te draai, maar die betekenis bly dieselfde: Maar als een moeder die haar kinderen voedt en verzorgt, **zo teder zijn wij met u omgegaan**.

12.14 Metzger het in sy Textual Commentary (corrected edition 1975) bl 630), *nēpios*-3516 (a. an infant, little child: Mt.21: 16 (fr. Ps. 8:3) lesing verkies, alhoewel dit as **{C} gegradeer word**, wat beteken: ‘**that there is a considerable degree of doubt** whether the text or the apparatus contains the superior reading’. In the absence of any strong argument based on internal probabilities, **a majority of the Committee** preferred to follow what is admittedly the stronger external attestation and to adopt *nepio*. Die manuskripte getuies is P65 (3de eeu) **ℵ* B** (Vaticanus) **C* D* G I ψ** (Athos, 8/9 eeu) en andere. *asterisk beteken oorspronklike skrywer van die manuskrip.

Daarteenoor is die ander tekswoord: *ήπιος*-2261 (fr Hom. Down; mild, gentle: 1 Th. 2:7 en 2 Tim 2:24. Manuskripte getuies is: *ήπιος* **ℵ^c A C² D^c K P ψ^c 33 81 88 104^c 181 326* 330 436 614 629 1241 1739 1877 1881 1984 1985 2127 2492 Byz Lect syr^{p, h} cop^{sa, fay} arm Clement Origen^{3/4} Basil Chrysostom Theodore^{lat} Euthalius Theodoret John-Damascus Theophylact. Apparatus : The Greek New Testament (Third edition corrected), 1983 UBS.**

12.14.1 Ten spyte van die sterk eksterne mss getuies (vanweë B (Vaticanus) waardeur die meerderheid (drie lede) van die Komitee kies vir die lesing *nēpioi* (klein kindertjies of eintlik babatjies) het Metzger tog ‘n voorbehoud en skrywe soos volg: [Despite the weight of external evidence, only *ήπιοι* seems to suit the context, where the apostle’s gentleness makes an appropriate sequence with the arrogance disclaimed in ver. 6.

The choice of reading has a bearing on the punctuation; if *ήπιοι* is adopted, a full stop should follow *apostoloi*, a comma should follow *humōn*, and a colon should follow *tekna*. **B.M.Metzger and Allen.Wikgren.**] Die ander drie lede van die komitee wat die meerderheid gevorm het was: **Kurt Aland, Matthew Black en en die Rooms Katolieke Jesuïet Carlo M. Martini. Al vyf Komitee lede is intussen oorlede.** Van die ou garde leef alleen Barbara Aland nog (vrou van oorlede Kurt Aland) sy het afgetree maar is nog aktief betrokke as navorser en dosent.

- 12.14.2 Ernest Best skryf in sy kommentaar *'The First and Second Epistles to the Thessalonians'*, 1986 pp 101-102 oor die teks 1Th. 2:7 dat dit nie gaan oor 'infants' nie en dit ook nie hier pas nie omdat: 'infants' requires a sudden inversion of metaphor in the next clause and though Paul can change his metaphors rapidly this is no argument that he would have done so here; **gentle** fits in appropriately with the defence Paul puts up in vv 5, 6 contrasting vividly with 'exploit'; it leads on easily to the image of mother-love in the next clause; and at 1 Cor. 3:1 where Paul uses *nēpioi* of his converts he uses it derogatively, and this is his general usage: Rom. 2:20; 1 Cor. 13:11; Gal. 4:1; Eph. 4:14; at 1 Cor. 4:14 he uses a different word. In the copying of the manuscripts either reading could have come from the other through dittography or haplography since the preceding word ends in *v*. In using his legitimate apostolic authority and asserting his importance **Paul treated the Thessalonians gently**.
- 12.14.3 This word nursing-mother is used of a '**wet-nurse**' but often also of the mother herself for the period until the child is weaned. . . In the very early days after their conversion the **Thessalonians were like unweaned children and Paul as their spiritual parent has to cherish and love them with great gentleness**. We have a somewhat unusual picture of ministerial care, even more tender than that of the pastor-shepherd. The same word cherish is used Eph. 5:29 of Christ's care for the church. Calvin, *ad loc.* writes: 'A mother in nursing her child makes no show of authority and does not stand on any dignity . . . (and) reveals a wonderful and extraordinary love, because she spares no trouble or effort, avoids no care, is not wearied by their coming and going, and gladly even gives her own life blood to be drained'.
- 12.14.4 Uit bogenoemde verklaring en eksegetiese kan dit duidelik wees dat die regte woord *ήπιος* is (teder) soos dit vertaal is in die NBV en Groot Nieuws Bijbel, kyk paragraaf 12.11.14 en 12.11.15, hierbo. Dit is onverklaarbaar waarom die 27ste uitgawe van Nestle/Aland die vorige lesing van '**gently among you**' verander het na die **Vaticanus** lesing: **we were BABES among you**, kyk par. 12.11.4 en 12.11.5 hierbo. En dit ten spyte van die teks lesing se **C gradering**: 'that there is a considerable degree of doubt en Metzger se spesiale aantekening met die oortuiging: Despite the weight of external evidence, **only ήπιοι seems to suit the context**, where the apostle's gentleness makes an appropriate sequence with the arrogance disclaimed in ver. 6.
- 12.14.5 Dit beteken wel dat beide vertalings van die **Nuwe Testament en Psalms** ('n Direkte Vertaling), 2014 en **BDV2020** ten opsigte van 1Thess. 2:7 **foutief is**, onderskeidelik vertaal:
- 'het ons sag soos babatjies in julle midde geword**. Soos 'n ma wat haar eie kinders voed en koester' en **'Maar ons het klein kindertjies (babatjies) in julle midde geword**. Soos wanneer 'n moeder haar eie kinders voed en koester'. Geen wonder dat Will Kinney hierby opmerk: **'but this reading is obviously absurd since it defies all reason and logic and turns the apostles into little children and the new believers into their care givers'**. kyk par. 12.13.8 hierbo.
- 12.14.6 Die paar voorbeelde wat Will Kinney hierbo aantoon van die willekeurige optrede van die wisselende insluiting en uitsluiting van Griekse tekslesings, veroorsaak 'n stroom van nuwe moderne Bybel uitgawes, omdat Nestle/Aland-UBS gedurig die bestaande gepubliseerde tekslesings weer insluit of uitsluit by 'n nuwe opvolgende uitgawe van **Novum Testamentum Graece**. Die volgende uitgawe, die **28ste edisie** is onlangs vrygestel, tesame met die vyfde uitgawe van **The Greek New Testament** deur UBS. Voorheen is daar aangekondig dat daar baie Griekse tekslesings verander gaan word, veral in Markus en Handeling. Die gevolg hiervan is dat die nuwe BDV'2020 nie meer die nuttigste tekslesings van die NT bevat nie en dat 'n volgende edisie gedruk sal moet word.
- Dit beteken ook dat daar nie meer 'n vaste Griekse grondteks vir die NT bestaan nie, dit word gedurig gewysig omdat geglo word dat die oorspronklike teks van die NT nie te vinde is in die Meerderheids of Bisantynse teks nie, maar alleen deur die kritiese eklektiese Westcott-Hort tekstvasstelling metode, soos dit gestalte kry in die opeenvolgende uitgawes van die **Novum Testamentum Graece** (Nestle-Aland) en **The Greek New Testament** van die United Bible Societies (UBS).
13. Dr J van Bruggen (Nuwe Testamenticus) pleit vir 'n herstel van die Bisantynse teks in die plek van die kritiese, eklektiese N/A-UBS teks. Hy betoog met oortuigende argumente dat die negatiewe kritiek teen die Bisantynse teks nie meer gehandhaaf kan word nie. En as opsomming skryf hy die volgende (vertaal in Afrikaans).
- 13.1 "In die tekskritiek van die 20ste eeu, domineer die verwerping van die bekende, kerklike of bisantynse teks (Meerderheidsteks). Hierdie teks word deur die seleksieproses selfs volledig en by voorbaat uitgeskakel. Die argumente teen hierdie teks is afkomstig uit die 19de eeu, en word telkens na vore geskuif, maar sonder voldoende redes. In feite is die argumente wat teen hierdie teks te berde gebring is, verkrimp (ineengesakrimpel). Die genealogiese metode verlies terrein. **Papirus handskrifte blyk onverwagte bisantynse lesings te hê. Nog minder dan in die 19de eeu is die argumente teen die Bisantynse teks deurslaggewend**".

- 13.2 “Derhalwe is daar genoegsame redes om die kerklike (Bisantynse) teks weer in ere te herstel. Hierdie teks was vir eeue en eeue lank deur die Griekse kerk aanvaar as die ou en regte teks. Haar reg hoef nie bewys te word nie. Diegene wat dink dat hulle dit beter weet, dan die mense wat vroeër die teks bewaar en oorgelewer het, moet dan die bewyslas op hom neem. Die kerke van die groot Reformasie het hierdie ou teks welbewus oorgeneem toe hulle die Griekse teks weer as uitgangspunt geneem het. Hierdie teks verdien blywende erkenning as betroubaar, tensy daar werklik as teenbewys, uit ‘n teks wat teruggevind is ‘n ander lesing gelewer kan word. **Maar daar is nie beter tekste nie. Daar is wel teorieë oor ‘n beter teks en daar is rekonstruksies van so ‘n teks,** maar dit kan nie verberg en ontken word, dat teenoor die verwerping van die ou, bekende teks in die 20ste eeu **slegs die aporie (radelose besluiteloosheid) van die eklektisisme en van ‘n herlewende konjunkturele (wisselvallige) kritiek oorbly.**”
- 13.3 Teenoor die moderne tekskritiek pleit ons vir eerherstel van die ou en bekende kerklike teks. Dit beteken dat ons hierdie teks, wat met ‘n groot meerderheid in die teksgetuies voorkom en wat ten grondslag lê aan alle invloedryke en blywende bybelvertalings in die verlede, nie aan die kant sal skuif nie, maar hierdie teks sal waardeer en gebruik. Om opnuut die bekende maar verwerpe bisantynse teks te gaan gebruik sal die blikrigting van die tekskritiek in ‘n totaal ander rigting stuur. Sy moet haarself, in reformatoriese betekenis die taak oplê om hierdie teks te bewaar.
- 13.4 Bykomend kan sy haar beroep op die dikwels ten onregte vergete arbeid van die geleerdes soos **Nolan, Reiche, Scrivener, Burgon, Birks en Miller**, wat in hulle tyd, hulself gekonfronteer het met die teorieë van **Griesbach, Lachman en Westcott-Hort**. Aansluiting by hulle, wat ook die Bisantynse teks verdedig het, beteken in die lyn van die geskiedenis, **‘n aansluiting by en verbetering van die textus receptus, die gedrukte Griekse teks van die Reformasie**. Die pleidooi vir die terugkeer tot die bekende kerklike teks beteken regtig nie om die **textus receptus** te kanoniseer nie. Maar hierdie pleidooi erken wel die korrektheid van die beginsel van hierdie reformatoriese teksuitgawe. Die textus receptus moet nie kategories verwerp word as gevolg van haar tekortkomings nie, maar moet volgens eie opset en bedoeling **gekorregeer word in ooreenstemming met die teks wat as Bisantyns bekend staan**. Dit sal ‘n positiewe ingestelde tekskritiek tot gevolg hê, wat sonder diskriminasie die totaal van die oorgelewerde teks materiaal kan ondersoek. (oorgeneem uit: **De Tekst van het Nieuwe Testament** (Rede gehou in Theologiese Hogeschool te Kampen deur dr J van Bruggen op 8 Desember 1975, bl 36-40
- 14.** In aansluiting by bogenoemde strewe vir die herstel van die Bisantynse of Kerklike teks moet kennis geneem word van die referaat van **prof GDS Smit** met die titel: **Nuwe tendense en moontlikhede in die studie van die Nuwe Testament: ‘n Onderzoek na ‘n Reformatoriese model**. (Referaat gelewer tydens die Simposium oor die Statevertaling in samewerking met die Nederlandse Bybelstigting (Amsterdam), te Pretoria op 31 Jan. 2017.
- 14.1 Ons verstrek slegs die opsomming: ‘In hierdie referaat word oorsigtelik gekyk na verskillende tekstradisies van die Nuwe Testamentiese Tekskritiek. Verder word kennis geneem van die feit dat daar tans in die navorsing van die grondteks van die Nuwe Testament waardevolle getuies vanuit die **Oxyrhynchus-papiri** na vore kom wat ruimte bied vir verdere navorsing oor die **betroubaarheid van die Bisantynse tekstradisie**. Ten spyte van jarelange verskille tussen geleerdes oor die betroubaarheid van die metodiek van Westcott en Hort, wat neerslag vind in die kritiese teks van Nestle-Aland/UBS, domineer die Nestle-Aland/UBS teks steeds in Bybelvertalings die afgelope eeu’.
- 14.2 ‘Die invloed van die Skrifkritiek op die Nuwe Testamentiese wetenskap het egter nie die Tekskritiek gespaar nie, en leidende figure **soos Parker en Ehrman** het tans ‘n sterk invloed in ‘n ‘nuwe perspektief’ op die teks van die Nuwe Testament, wat konserwatiewe Bybellesers en teoloë tereg laat **soek na ‘n alternatiewe en dog betroubare grondteks vir die Nuwe Testament. Die saak word hier uitgemaak dat die Bisantynse tekstradisie wel betroubare alternatiewe bied in dié verband’**.
- In hierdie opsig verwys die skrywer in ‘n voetnoot⁴⁹ ‘Daar is ‘n toenemende groei onder behoudende tekskritici om alternatiewe te soek weg van die Westcott-Hort model vir die bronteks van die Nuwe Testament. Vergelyk in die verband bv. Snapp, James, 2010. *Equitable Electicism: The future of New Testament Textual Criticism*. Verder verwys die skrywer ook na die publikasie van Pierpont, WG, & Robinson, MA, 1995. *The New Testament in the original Greek: According to the Byzantine/Majority textform*. Roswell, GA: The Original Word Publishers.
- 14.3 Laastens word ‘n saak uitgemaak dat die Nederlandse Statevertaling ‘n goeie steekproef bied vir ‘n teks wat binne die Bisantynse tekstradisie ontstaan het. Derhalwe word die moontlikheid gestel dat navorsing op die Statevertaling vir die reformatoriese kerke in Suid-Afrika van groot waarde kan wees en word die publiserings van ‘n Reformatoriese Studiebybel vir die Afrikaanse kerkvolk in die vooruitsig gestel.

15. SAMEVATTING

- 15.1 Sedert die publisering en vrystelling van die BDV'2020 op 29 November 2020, is die Bybel Direk Vertaal nou 'n werklikheid en is beskikbaar in verskillende boekwinkels of by die BSA (Bybelgenootskap van Suid-Afrika). Daar is drie verskillende uitgawes van die BDV. Eerstens die gewone uitgawe (Ou Testament en Nuwe Testament) waarin die persoonlike voornaamwoorde met kleinletters (hy en hom) geskryf word en dan 'n tweede afsonderlike BDV (Ou Testament en Nuwe Testament) waarin die voornaamwoorde met hoofletters (Hy en Hom) gedruk word en dan 'n derde uitgawe van die BDV, (Ou Testament en Nuwe Testament) waarin ook die apokriewe (sogenaamde deuterokanonieke) boeke opgeneem is.
- 15.2 As vertrekpunt vir hierdie deputaat-verslag oor die nuwe Bybel Vertaling, neem ons as agtergrond en aanloop die totstandkoming van die Bybel Direk vertaal, in 'n oorsig artikel (**par. 1 tot par. 7.10 - bl 1 tot bl 14**) geskryf deur **prof. J A Naude** met die titel: **Nuwe en ou skatte Die 2020- Afrikaanse vertaling van die Bybel as 'n hervertaling** wat gepubliseer is in die tydskrif vir Geesteswetenskappe, jrg 60 No 4, 1 Des. 2020. Prof. Naude is 'n senior professor in die Departement Hebreeus aan die Universiteit van die Vrystaat, Bloemfontein, Suid-Afrika, waar hy Bybel hebreuse taalkunde en Bybelvertaling (antieke en moderne vertalings) aanbied.
- 15.3 Die doel van hierdie artikel is om die Afrikaanse Bybelvertaling van 2020 as hervertaling te analiseer en te beskryf in die historiese konteks van die vorige vertalings in Afrikaans. In hierdie artikel word 'n hervertaling beskou as een van die veelsoortige vertalings van dieselfde bronteks, wat variasies kan vertoon, in dieselfde taal, wat ook aan veranderings onderhewig is.
- 15.4 Hierdie artikel is meer as net 'n geskiedkundige oorsig oor die vertaalproses van die Afrikaanse Bybelvertaling van 2020. Gegee die jongste tendense in die vertaalkunde, kan die benadering nie normatief (korrek/goed/betroubaar teenoor verkeerd/swak/onbetroubaar) wees nie, maar eerder funksionalisties en deskriptief (dit wil sê, hoekom en hoe die vertaling gedoen is).
- 15.5 Die analise beskryf en verklaar hoekom die 2020-vertaling lyk soos dit lyk. Albachten en Gürçağlar (2019:2) beskou die bestudering van 'n hervertaling as 'n komplekse proses. Dit behels 'n netwerkbenadering, wat historiese en sinchroniese wisselwerking tussen tekste, instellings, kontekste en agente aandui. Die benadering wat in die ondersoek gevolg word, is '**n narratiewe raammodel**.
- 15.6 Daarna volg in **par. 8 (bl 15)** 'n kritiese bespreking van die Bybel Direk Vertaal (BDV'2020). Opgevolg met **par. 8.1** oor die Vertaalopdrag. In **par. 8.2** word die Vertaalopdrag breër omskryf. Daarna volg **par 8.3** waarin beklemtoon word dat die strewe was om die bronteks in vloeiende Afrikaans weer te gee en dan volg in **par. 8.4** vermelding van voorbeeld 'vloeiende styl' om twee vertalings van Joh. 11 en 12 met mekaar te vergelyk in OAV en BDV.
- 15.7 **Paragraaf 9 (bl 15)** Opskrif: Vergelyking tussen OAV en BDV waarby in **par 9.1** standpunt verduidelik word oor die Bybel as God se Woord wanneer bepaalde Bybelwoorde toegevoeg of weggelaat word. Gevolg deur **par 9.2** oor die bronteks van BDV Nestle/Aland en watter implikasie dit veroorsaak vir die Textus Receptus of Meerderheidsteksttradisie. Daarna volg **par 9.3** oor die Herwaardering van die Bisantynse teksttradisie en in **par. 9.4** word verduidelik die vergelyking van die teks van Joh. 11 en 12 in OAV en BDV.
- 15.8 In hierdie verslag kon nie alle aspekte van die nuwe BDV ter sprake kom nie, soos die Afrikaanse taalkleed en grammatikale styl van die vertaling, asook evaluering in diepte van die 'vloeiende styl' het nie plaasgevind nie. Wel het ons twee hoofstukke 11 en 12 uit Johannes Evangelie, die teks van twee vertalings onder mekaar geplaas (OAV en BDV) om sodoende die teks van beide vertalings met mekaar te kan vergelyk, **kyk par. 9.5** vanaf **bl 16 tot bl 24** en daarna volg die bespreking en kritiek (**par. 9.6**, onderverdeel in **paragrafe 9.6.1; 9.6.2 en 9.6.3, bl 25**).
- 15.8.1 Al die bybelboeke in die BDV'2020 word voorafgegaan deur 'n **Inleiding**. Hierdie Inleidings vertolk 'n sekere agtergrond hoe die bybelboeke ontstaan het en wie die outeur daarvan was. Sekere aanvegbare stellings of standpunte word uitgedra in die Inleidings en derhalwe is dit nodig dat hulle apart geëvalueer moet word, wat nog moet plaasvind.
- 15.8.2 In die BDV is agter in die Bybel van (bl 333 tot bl 369) 'n uitgebreide **Woordelys** opgeneem van A tot X wat bykomende inligting oor sosiokulturele, geografiese en historiese gegewens verskaf. Woorde en begrippe toegelig, word met 'n kol (●) in die vertaling en die voetnote aangedui. Die styl en korrektheid van die gegewens is nie geëvalueer nie en moet nog uitgevoer word, **kyk par. 5.8.2, subparagraaf viii, bl 12**.
- 15.8.3 'n Lys van bykomende inligting in voetnote aangedui, word vermeld in **par. 5.8.2, subparagrafe i tot xiii** Nie al die onderwerpe word bespreek nie, maar wel die sake vermeld, onder subparagrafe xi, xii en xiii. **Subparagraaf xi** vermeld wanneer die **hoflikheidsvorm vir Jesus gebruik word en wanneer nie. (bl 13)**.

Subparagraaf xi: Wanneer Jesus **hoflik of eerbiedig** aangespreek word, word **“U/UselF”** gebruik in die vertaling. Wanneer Jesus egter **afwysend of aggressief** aangespreek word, word **“jy/jou/jouselF”** gebruik. Om die aanspreek vorms van Jesus te verdeel tussen hoflik en/of afwysend, afhangend of dit ‘n vriend is, dan met ‘U ‘en vyand met ‘jy’, kan bevraagteken word. Alhoewel die Griekse bronteks geen hoflikheids aanspreekvorms ken nie, is dit in die doeltaal heel normaal, ongeag of die persoon ‘n vriend of vyand is, bly die aanspreek vorms dieselfde. Die aangeleentheid moet nog bespreek word en geen standpunt is hieroor geformuleer nie.

Subparagraaf xii: Wanneer die bronteks slegs ‘n **voornaamwoord** gebruik (hy, sy, hierdie, hulle) en daar in Afrikaans onduidelikheid kan ontstaan oor die vraag na wie verwys word, word die voornaamwoord ter wille van die voorlees daarvan deur die **persoonseienaam** vervang. Die twee hoofstukke 11 en 12 van Johannes waarin die reël toegepas is het ons bespreek in die betrokke verse en dit afgewys as onnodig. ‘n Opsomming daarvan verskyn vanaf **par. 9.6.2**, kyk **subparagraawe i en ii (bl 24 en 25)**.

Subparagraaf xiii: In gesproke taal word **“pa/ma”** as die **direkte informele** aanspreekvorm gebruik, maar indien die **konteks formeel** van aard is, word **“vader/moeder”** gebruik. Dit geld ook so vir **“u/jy”**. Om ‘n onderskeid te maak tussen direkte informele aanspreekvorms soos pa en ma en as dit formeel van aard is dan vader en moeder, is die vraag of in die bronteks ook so ‘n onderskeid gemaak word tussen formeel en informele aanspreek van die ouers? Die aangeleentheid moet ook nog bespreek word en geen standpunt is ingeneem nie. Die vraag kom na vore of hierdie onderskeid tussen informeel en formeel nie ‘n vorm van dinamies-ekwivalente vertaal metode is nie?

- 15.8.4 In **par. 9.6.3** word die kwessie bespreek waar ‘n spesifieke woord in die bronteks nie met ooreenstemmende woord in die doeltteks vertaal is nie. Dit gaan hier oor die twee woorde **laos-volk** en **nasie-ethnos**, kyk **subparagraawe i, ii en iii, bl 25**.
- 15.9 In **paragraaf 10 en par 10.1 (bl 25)** volg ‘n bespreking oor die gebruik van die Nestle/Aland-UBS bronteks in BDV’2020 waar voorheen die Textus Receptus as bronteks vir OAV1933/53 gebruik is. **Par 10.2** verskaf inligting oor welke woorde in bepaalde verse in Joh 11 en 12 weggelaat is in die nuwe BDV en word in **par 10.3** die implikasie daarvan aangedui.
- 15.10 **Paragraawe 10.4, 10.5 en 10.6 (bl 26)** bespreek die gevolge van die aanvaarding van die kritiese eklektiese Nestle/Aland-UBS griekse N.T as bronteks vir die BDV2020. Die genoemde NA-UBS teks is oor die algemeen korter as die Textus Receptus of Bisantynse teks, **waardeur baie woorde in spesifieke verse nie meer in die BDV2020 voorkom nie**, omdat hulle ook nie in die gebruikte bronteks voorkom nie, naamlik die vier of ses oudste manuskripte, waarby in die meeste gevalle altyd die kodekse Sinaiticus, Vaticanus, C en D as kroon-tekstgetuies van die weggelate woorde in die apparatus gesitueer word, maar die betrokke woorde staan natuurlik wel in die verworpe Textus Receptus of die Bisantynse teks. Statistiek word verstrekkend oor die aantal woorde in spesifieke verse wat hierdeur geraak word en die aantal is verstommend, in totaal is daar **776 verse in die NT wat hierdeur geaffekteer word**. Bykomend word die weggelate woorde nie in BDV’2020 in die voetnote verantwoord nie. Egter die weggelate woorde staan amal in die OAV’1933/53 vertaling.
- 15.10.1 ‘n Volledige lys van al die weggelate woorde in die betrokke verse en onderhawige boeke in die NT is in Engels beskikbaar, maar ‘n soortgelyke lys in Afrikaans, waarby die spesifieke tekste, met die weergawe daarvan in BDV’2020 vergelyk is, moet nog opgestel word. Dit is moontlik dat die Afrikaanse lys effens korter sal wees, omdat moontlik ‘n klein aantal woorde in die betrokke tekste in die Engelse lys vermeld, wel in BDV’2020 gehandhaaf kan wees.
- 15.10.2 ‘n Tweede vorm van weglating, is die omissie van ‘n aantal volledige verse in BDV’2020 (sover in totaal **14 verse**) word bespreek in **par. 10.6**. In daardie geval word die onderhawige verse (in vertaalde vorm) in die voetnote vermeld, met slegs die aantekening, daardie verse kom nie in die gebruikte bronteks voor nie.
- 15.11 ‘n Uitvoerige bespreking volg in **paragraaf 11 (bl 26 tot bl 30)** oor die onbetroubaarheid en wisselvalligheid van twee kodekse **Sinaiticus en Vaticanus**. Sodanige analitiese ondersoek was nodig omdat die kritiese eklektiese Nestle/Aland-UBS teks, hul afwykende en korter teks baseer op onder andere kodekse Sinaiticus en Vaticanus se weergawe daarvan. **Luke Mounsey het in Julie 2009 ‘n artikel geskryf** oor die onbetroubaarheid van die Alexandrynse Manuskripte met die titel: ***The Unreliability of the Alexandrian Manuscripts: Sinaiticus and Vaticanus are among the worst manuscripts known***, wat oorgeneem is in Engels en nie vertaal word nie. Na ontleding van die twee genoemde kodekse is Luke Mounsey se eindkonklusie:

‘Therefore, Sinaiticus and Vaticanus are worthless manuscripts. They display horrible penmanship, and have been subject to many correctors. They disagree with the vast majority of manuscript evidence, and even among each other. They are false witnesses of the Word of God. The text found therein is not the preserved Word of God, because it hasn’t been preserved. If it was the true Word of God, it would have been readily available to all generations’.

15.12 In aansluiting met die bevindings in par 11 insake die ondersoek **na die betroubaarheid van kodekse Sinaiticus en Vaticanus word die kritiek teen genoemde manuskripte verder gevoer in paragraaf 12** deur die ondersoek resultate van Will Kinney (par 12.2: 'The character of Sinaiticus and Vaticanus texts' tot par. 12.7- bl 30/31) en daarna word in par. 12.8 tot par. 12.14.6 (bl 31 tot bl 34) die onderstaande kwessie bespreek:

Die wisselvallige en onbetroubare karakter van kodekse Sinaiticus (Aleph) en Vaticanus (B) wat veroorsaak dat die kritiese en eklektiese Nestle/Aland-UBS NT griekse teks in opeenvolgende uitgawes van die Griekse NT voortdurend verander word.

15.12.1 Will Kinney het jare lank ondersoek gedoen na die betroubaarheid van die twee sogenaamde beste en oudste manuskripte Sinaiticus en Vaticanus. Hy het vasgestel dat vir die vier evangelies Vaticanus in totaal **7578 veranderinge in die manuskrip aangebring is** en vir Sinaiticus is die totaal **8972** Bykomend het Herman Hoskier 'n vergelyking gemaak van die onderlinge griekse teks van die vier evangelies, in die twee genoemde manuskripte, in totaal verskil die twee kodekse **3036 keer** van mekaar, kyk vir besonderhede vir elke evangelie par. 11.13 hierbo. William Burgon het met sy ondersoek vasgestel dat in die vier evangelies in Vaticanus daar **589 unieke tekslesings** voorkom (wat 858 woorde beïnvloed) en dit is tekslesings wat nie in die Sinaiticus staan nie. Die Sinaiticus het op sy beurt **1460 unieke lesings**, wat nie in die Vaticanus voorkom nie en hierdie unieke tekslesings beïnvloed 2460 woorde.

15.12.2 Die paar voorbeelde (1 Kor. 15:51; 1 Thess.1:1 en 1 Thess. 2:7) waarvan Will Kinney die willekeurige optrede van die wisselende insluiting en uitsluiting van griekse tekslesings aantoon, veroorsaak 'n stroom van nuwe moderne bybel uitgawes, omdat Nestle/Aland-UBS gedurig die bestaande gepubliseerde tekslesings weer insluit of uitsluit by 'n nuwe opvolgende uitgawe van **Novum Testamentum Graece**. Die volgende uitgawe, die **28ste edisie** is onlangs vrygestel, tesame met die vyfde uitgawe van **The Greek New Testament** deur UBS. Voorheen is daar aangekondig dat daar baie griekse tekslesings verander gaan word, veral in **Markus** en **Handelinge**. Die gevolg hiervan is dat die nuwe BDV'2020 nie meer die nuutste tekslesings in die 28ste edisie van Novum Testamentum Graece bevat nie en dat 'n volgende nuwe druk vir BDV uitgegee moet word.

Dit beteken ook dat daar nie meer 'n vasstaande Griekse grondteks vir die NT bestaan nie, dit word gedurig gewysig omdat geglo word dat die oorspronklike teks van die NT nie te vinde is in die Meerderheids of Bisantynse teks nie, maar alleen deur die kritiese eklektiese Westcott-Hort teksvasstelling metode, soos dit gestalte kry in die opeenvolgende uitgawes van die Novum Testamentum Graece (Nestle-Aland) en The Greek New Testament van die United Bible Societies (UBS).

15.13 Om hierdie negatiewe ontwikkeling van die wisselvallige kritiese, eklektiese griekse N/A-UBS teks hok te slaan het **Dr J van Bruggen (Nuwe Testamenticus)** (par 13 13.1-13.4, bl 34,35) 'n pleit gevoer vir die herstel van die Bisantynse teks in die plek van die kritiese, eklektiese N/A-UBS teks. Hy betoog met oortuigende argumente dat die negatiewe kritiek teen die Bisantynse teks nie meer gehandhaaf kan word nie. Verder is hy van mening dat daar genoegsame redes is om die kerklike (Bisantynse) teks weer in ere te herstel.

Hierdie teks was vir eeue en eeue lank deur die Griekse kerk aanvaar as die ou en regte teks. Haar reg hoef nie bewys te word nie. Diegene wat dink dat hulle dit beter weet, dan die mense wat vroeër die teks bewaar en oorgelewer het, moet dan die bewyslas op hom neem. Die kerke van die groot Reformasie het hierdie ou teks welbewus oorgeneem toe hulle die Griekse teks weer as uitgangspunt geneem het. Hierdie teks verdien blywende erkenning as betroubaar, tensy daar werklik as teenbewys, uit 'n teks wat teruggevind is 'n ander lesing gelewer kan word. **Maar daar is nie beter tekste nie. Daar is wel teorieë oor 'n beter teks en daar is rekonstruksies van so 'n teks**, maar dit kan nie verberg en ontken word, dat teenoor die verwerping van die ou, bekende teks in die 20ste eeu **slegs die aporie (radelose besluiteloosheid) van die eklektisisme en van 'n herlewende konjunkturele (wisselvallige) kritiek oorbly.**"

15.14 In aansluiting by bogenoemde strewe vir die herstel van die Bisantynse of Kerklike teks (par. 14, bl 35) moet kennis geneem word van die referaat van **prof GDS Smit** met die titel: **Nuwe tendense en moontlikhede in die studie van die Nuwe Testament: 'n Onderzoek na 'n Reformatoriese model**. (Referaat gelewer tydens die Simposium oor die Statevertaling in samewerking met die Nederlandse Bybelstigting (Amsterdam), te Pretoria op 31 Jan. 2017.

15.14.1 'Die invloed van die Skrifkritiek op die Nuwe Testamentiese wetenskap het egter nie die Tekskritiek gespaar nie, en leidende figure **soos Parker en Ehrman** het tans 'n sterk invloed in 'n 'nuwe perspektief' op die teks van die Nuwe Testament, wat konserwatiewe Bybellesers en teoloë tereg laat **soek na 'n alternatiewe en dog betroubare grondteks vir die Nuwe Testament. Die saak word hier uitgemaak dat die Bisantynse tekstradisie wel betroubare alternatiewe bied in dié verband**'.

15.14.2 In hierdie opsig verwys die skrywer in 'n voetnoot⁴⁹ 'Daar is 'n toenemende groei onder behoudende tekskritici **om alternatiewe te soek weg van die Westcott-Hort model vir die bronteks van die Nuwe Testament**. Vergelyk in die verband bv. Snapp, James, 2010. *Equitable Electicism: The future of New Testament Textual Criticism*. Verder verwys die skrywer ook na die publikasie van Pierpont, WG, & Robinson, MA, 1995. *The New Testament in the original Greek: According to the Byzantine/Majority textform*. Roswell, GA: The Original Word Publishers.

16 AANBEVELINGS

16.1 Die ondersoek en bespreking oor die nuwe Bybel Direk Vertaal (BDV2020), is gedeeltelik uitgevoer, ten opsigte van die mees belangrikste sake. Daar is positiewe en negatiewe aspekte. Oorsigtelik is dit duidelik uit die vergelyking van die teks van hoofstukke 11 en 12 van Johannes tussen OAV en BDV dat inderdaad die Afrikaanse teks van BDV meer vloeiend is en dat BDV se teks hoofsaaklik ooreenstem met die woorde en betekenis van die onderhawige teks van OAV1933/53. BDV is in die opsig 'n bronteksgeoriënteerde vertaling. Maar die vergelyking is maar 'n baie klein steekproef en verdere ondersoek na die taalkleed en idioom van die Afrikaanse vertaling in die BDV moet meer omvattend uitgediep en getoets word, waarby die Ou Testament ingesluit moet wees.

16.2 Die mees kommerwekkende en negatiewe aspek van die BDV2020 is die feit dat as gevolg van die gebruik van die kritiese eklektiese Nestle/Aland UBS griekse teks daar soveel woorde en teksverse weggelaat is in die BDV omdat dit nie voorkom in die bronteks van die sogenaamde beste en oudste manuskripte o.a veral Sinaiticus, Vaticanus, C en D. nie. Bykomend is dit duidelik dat die N/A-UBS teks voortdurend verander word, waardeur daar geen vasstaande teks van die NT meer bestaan nie. Erkende en gepubliseerde tekslesings in Novum Testamentum Graece word in latere edisies verwyder en vervang met ander tekslesings, dit veroorsaak dat die betroubaarheid van die teks van die NT ondermyn word en lei tot toenemende onsekerheid. Die vooroordeel teen die TR of Bisantynse, Meerderheids teks het nie wesentlik verander nie. Gelukkig klink daar steeds meer stemme van Reformatoriese tekskritici wat hulself wil los maak van die Westcott en Hort (Nestle-Aland-UBS) kritiese teks en soek om terug te keer na die kerklike of Bisantynse teks. In die verband is die pleidooi van dr J van Buggen en referaat van prof GDS Smit baie relevant en moet verder bestudeer word, welke alternatiewe daar in die nabye toekoms beskikbaar kan word.

16.3 Ons moet as kerke goed besef, indien ons die BDV2020 as Kanselbybel sou aanvaar, ons daarmee 'n Bybel aanvaar wat nie meer die volle Woord van God bevat nie, maar 'n verkorte, 'n verminkte Bybel waarvan ongeveer 10% van die woorde in die Nuwe Testament nie meer in die BDV voorkom nie, maar weggelaat is, die meeste sonder enige verwysing of verantwoording daarvan in die voetnote! Daarom sal dit nodig wees om die bestaande Engelse lys van weggelate woorde van die betrokke tekste te vergelyk met die BDV en dan daarvolgens 'n Afrikaanse weggelate woordelys op te stel.

16.4 Daar moet verder 'n meer omvattende ondersoek gedoen word na die dominansie van taal en letterkundige aspekte in die Afrikaanse teks in BDV. In die opsig moet vasgestel word wat is die vereenvoudigde taalmodel van Ernst August Gutt (2000) (kyk par. 4.4.7) en wat is die narratiewe raamwerk? (kyk par. 5.8.2). Die taalaspekte wat hier na vore tree is die aanname dat taalkenmerke moet aanpas by die doeltaal

- i) Maar is dit nodig dat daar 'n onderskeid gemaak moet word in die Bybelteks wanneer Jesus hoflik/eerbiedig of afwysend/agressief aangespreek word en die aanspreekvorme daarvolgens wisselend verander na U/Usself of jy/jou/jouself?
- ii) En is dit nodig dat voornaamwoorde in die Bybelteks verander word na persoonseiname om beweerde onduidelikheid te voorkom?
- iii) Moet daar 'n onderskeid gemaak word in die Bybelteks tussen formele en nie-formele aanspreekvorme soos (pa - ma / vader- moeder) en U/jy?

Hiermee hang saam die vraag in hoeverre mag die Afrikaanse Bybelteks verander word om aan te pas in 'n narratiewe raamwerk model? Die Bybel is baie meer as 'n narratiewe of selfs letterkundige teks. En bots dit nie met die duidelike bevel om niks toe te voeg en/of weg te laat van God se Woord nie? Ek het die indruk dat die BDV vertalingsprojek nie verdiskonteer het dat die Bybel 'n unieke verbondsdokument is tussen God as Groot Koning en sy verbondsvolk as vasalle en dat daarom nie met die erkende teks en inhoud van die Bybel gepeuter mag word nie.

16.5 Hierdie voorlopige ondersoek en verslag oor die BDV het alleen die bronteks van die Nuwe Testament kursories behandel, derhalwe moet die ondersoek na die bronteks en Afrkaanse vertaling van die Ou Testament nog uitgevoer word, waarby die vertaling van die Psalms ook 'n groot rol speel en moet die vraag beantwoord word, in hoeverre kan ons dan nog die beryming van Totius bly sing, of sal dit ook nodig wees om 'n nuwe Psalmberyming te maak?

- 16.6 Daar moet verder ondersoek word of die **Inleidings op die bybelboeke** in BDV geen vreemde of liberale dogmatiese standpunte vertolk nie of andersyds agterhaalde standpunte koester bv insake kanoniek. (Inhoud, doel, skrywer en ontstaanstyd).
- 16.7 Agter in die BDV (bl 333 - bl 369) is daar 'n uitgebreide **Woordelys** opgeneem, wat bedoel is om aanvullende inligting te verstrek oor sosiokulturele, geografiese en historiese gegewens. Dit is nodig dat die Woordelys gekontroleer word vir akkuraatheid en relevansie.
- 16.8 Gesien die feit dat verdere ondersoeke nog gedoen moet word oor die aangeleenthede wat hierbo genoem word, voordat 'n meer diepgaande verslag oor die BDV ter tafel gelê kan word, word aanbeveel dat voorlopig volstaan word om die huidige OAV1933/53 vertaling as Kanselbybel in ons kerke te handhaaf totdat die genoemde verslag voltooi en deur die kerke beoordeel is.
- 16.9 Bykomend wil ons voorstel omdat die BDV moontlik, (in beperkte mate) in die toekoms deur al ons Afrkaansprekende kerke gebruik kan word, tesame en insluitend die drie samewerkende Gef. Kerke (Kandelaar, Oos-Moot en Totiusdal) dat die verdere uitstaande ondersoek van die BDV deur 'n breër oorkoepelende Bybelvertaling kommissie uitgevoer sal word, waarby elke kerk een persoon kan afsonder vir die taak. Die Here het Sy Woord aan sy kerke (gemeentes) toevertrou om dit te bewaar: Paulus skrywe aan Timotheüs : Ek gebied jou voor die aangesig van God . . dat jy die gebod onbevlek, onberispelik bewaar tot by die verskyning van ons Here Jesus Christus. O Timotheüs bewaar jou pand en stry die goeie stryd van die geloof.

Christelike broedergroet



Hendrik Harm Schuring
Deputaat : Bybelvertaling
Pretoria
28 Januarie 2021